


OUR MOST IMPORTANT PRODUCT



It's when we look at the children, their schools and their homes, that we know we're doing things right. We've helped build and develop the communities around our plants into thriving towns. We're creating employment and opportunity for their parents. And, in so doing, opportunity for the children too. Could anything else show more clearly that we really are moving into the future, resourcefully?



COMMUNIKÉ

Inhoud

Jaargang 6

November 1993

ISSN 1013-168X

SKAKELBLAD:

Communiké word saamgestel deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria.

Hierdie skakelblad van die Fakulteit verskyn een keer per jaar. Met die nodige erkenning mag enige deel van die inhoud van *Communiké* elders aangehaal word. Menings wat in *Communiké* uitgespreek word, weerspieël nie noodwendig die sienswyse van die Fakulteit nie.

Redaksionele bydraes word verwelkom en sal, met die voorbehoud van redaksionele veranderinge, oorweeg word vir plasing.

RIG BYDRAES EN NAVRAE AAN:

Die Redakteur: *Communiké*
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Pretoria
PRETORIA 0002
Telefaks: (012) 342-2431
Telefoon: (012) 420-3328

REDAKTEUR:

Mev Adri van der Merwe

Assistent/Tikwerk: Mev Doret van der Westhuizen, mev Maureen Greyling

Departementele verteenwoordigers: Mev Alida Botha, prof Hein Brand, prof Petrus Brynard, prof Thinus de Wet, mej Klarissa Engelbrecht, mnr Johann Kirsten, mev Aletta McGee, mev Liezl Nieuwoudt, mev Melanie Roestoff, mnr Neels van Heerden, mnr Hendrik Wolmarans


Taalversorging: Stetco

Fotografie: Stephan Visser, Adeline Botes

Ontwerp: Ink Design Studios, Pretoria

Reproduksie: Future Graphics

Drukwerk: Klem Lloyd Printers, Johannesburg



Universiteit van Pretoria

FAKULTEITSNUUS

- 2 Op die wenpad
- 6 We'll bridge the gap to formal training
- 8 Bemarking – 'n vereiste vir groei

STUDENTE

- 10 Soos vinkel en koljander
- 12 Take five – class of '93
- 14 'n Jong Tukkie – wenner in eie reg

NAVORSING

- 15 Vernou die verwagtingsgaping
- 16 Die strewe na nuwe kennis
- 19 Die stand van sake

ONDERRIG

- 20 "Naguile" kry nuwe identiteit
- 22 Meer as 'n baccalaureusgraad
- 25 Tuition in English – an added advantage

OUDSTUDENTE

- 30 Wie in wondere glo
- 32 Oudstudente-adresvorm
- 34 Pierre Viljoen – 'n man met visie
- 36 Staatsfinansies in goeie hande

PERSONEEL

- 38 Nuwe aanstellings
- 41 The new generation
- 43 Hulde aan prof Frans Steenkamp

PUBLIKASIES

- 46 Baanbrekers met boeke

INTERNASIONAAL

- 48 Ekonomiese probleme én oplossings
- 50 Back to the future
- 51 Die voordele van samewerking

GEMEENSKAPSDIENS

- 52 Manage the future
- 54 'n Barometer vir inflasie
- 55 Winterskool dra goeie vrugte

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die wenpad

Meer as twee jaar is reeds verby sedert prof Sieg Marx op 1 Julie 1991 as Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangestel is.

Communiké het met hom gesels oor dié tydperk wat verby is – oor die uitdagings wat aan hom as Dekaan gestel is, oor die veranderinge wat plaasgevind het en oor hoe hy die rol van dié Fakulteit in die nuwe Suid-Afrika sien.



Op die wenpad - dit is die nuwe slagspreuk van die Fakulteit. "Hoe dan anders?," vra die Dekaan, prof Sieg Marx. "Dit is veral die kundigheid en samewerking van die personeel wat van ons 'n wenspan maak."

“Verandering is kenmerkend van ’n dinamiese omgewing – en hierdie Fakulteit is dinamies.”

“Kom ons begin by 1 Julie 1991. Hoe het u aan die begin gevoel oor u rol as Dekaan?”

Dit was vir my baie belangrik om die uitnemende werk voort te sit wat prof Koos Stadler, voormalige Dekaan en tans Viserektor, op die gebied van die onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens gedoen het.

Ek onthou dat ek aan die begin veral onder die besef gekom het van die grootte en omvang van die Fakulteit. Op daardie stadium het die Fakulteit sowat 5200 studente, 201 voltydse personeel, 160 dosente, agt departemente, drie navorsingsburo's en 18 voorgraadse studierigtings gehad. 'n Mens kan nie maklik skielike en dramatiese veranderinge in só 'n groot onderneming teweegbring nie.

“Wat beskou u as die grootste uitdaging wat toe aan u as Dekaan gestel is?”

Die eksterne omgewing in Suid-Afrika, maar ook internasionaal, het in daardie tyd dramaties verander. Die grootste uitdaging wat dit aan my as Dekaan gestel het, was om die Fakulteit se plek in dié snel-veranderende omgewing verder uit te bou.

Dit het sekere veranderinge genoodsaak ten einde grootliks te verseker dat die Fakulteit steeds uniek, relevant, onmisbaar en mededingend sal wees in die nuwe Suid-Afrika. Verandering is kenmerkend van 'n dinamiese omgewing – en hierdie Fakulteit



“Die grootste uitdaging waarvoor ek as Dekaan te staan gekom het, was om die Fakulteit se plek in die snel-veranderende omgewing verder uit te bou.”

is dinamies. Daarom is ons Fakulteit in alle opsigte op die wenpad.

“U het reeds gesê dat veranderinge nie maklik geïmplementeer kan word in so 'n groot Fakulteit nie. Hoe het u dan die veranderinge wat wel plaasgevind het, geïmplementeer?”

Ek het dit nie alleen reggekry nie. Ek volg 'n holistiese bestuursbenadering en 'n deelnemende bestuurstyl. My departementshoofde en ander personeel werk elke dag hard saam met my om nuwe strategieë te ontwikkel en in bedryf te stel. Die samewerking, ondersteuning en vertroue wat ons in hierdie verband van Hoofbestuur en ondersteuningsdienste ontvang, kan nie oorskakel word nie.

“Watter veranderinge is gedurende hierdie tydperk geïmplementeer?”

Ek kan verskeie hoogtepunte noem. In die eerste plek is verdere momentum verleen aan die bemerking van die Fakulteit, veral ten opsigte van voorgraadse studente. 'n Kliëntvriendelike bemerkingstrategie en nuwe studierigting-brosjures is ontwikkel en in bedryf gestel; 'n eenstopdiens vir die hantering van navrae is ingestel en die personeel van die Fakulteit het baie nouer betrokke geraak by inligtingsessies, Tukkiedae en ander bemerkingsaktiwiteite.

In die tweede plek het die Fakulteit aktief toegetree tot nuwe marksegmente met die aanbieding van sekere vak-kursusse – en selfs 'n graadkursus – in Engels.

Die herorganisasie van die Fakulteit is ook 'n belangrike hoogtepunt. Die indeling van die departemente in drie skole – 'n skool vir ekonomiese; vir rekeningkundige; en vir bestuurswetenskappe – sal ons in staat stel om dié Fakulteit nog beter te bestuur.

Nog 'n hoogtepunt is die herontwerp van graadpakkette. Sedert Julie 1991 is twee nuwe BCom-studierigtings ingestel, naamlik die BCom(Rekreasie- en Sportbestuur) en die BCom(Kommunikasiebestuur). Die graadpakkette van al 20 studierigtings wat tans in die Fakulteit aangebied word, is gegrond op markgedrewe produktdifferensiasie sodat dit beter in ons kliënte se behoeftes kan voorsien.

“Ons het ’n baie duidelike paradigmaskuif in die fokus van ons opleiding. Ons lei ons studente doelbewus as entrepreneurs op.”

In die vyfde plek kan ek die *Tuks na 5*-program noem. Daar is opnuut gekyk na die behoeftes van naurse studente en die *Tuks na 5*-program is die produk van intensiewe ondersoeke op dié gebied.

Indringende aandag is ook geskenk aan oorbruggingskursusse en -aktiwiteite, soos Handel Spesiaal en die samewerkingsooreenkoms met Nasionale Kolleges. Hiermee bied die Fakulteit geleentheid aan daardie studente wat, om verskeie redes nie aan die Fakulteit se toelatingsvereistes voldoen nie, maar wat wel die potensiaal het, om ’n BCom- of BAdmin-graad by Tukkies te verwerf.

Ek wil ook graag nog ’n hoogtepunt noem – en dit is dat daar groot vordering gemaak word met die Fakulteit se strewe na groter internasionale betrokkenheid. Nouer samewerking met die *Eduardo Mondlane Universidade* in Maputo is maar een voorbeeld hiervan.

“Hoe gaan u verseker dat die Fakulteit se opleiding relevant bly vir die nuwe Suid-Afrika?”

Ons het ’n baie duidelike paradigmaskuif in die fokus van ons opleiding. Ons lei ons studente doelbewus as entrepreneurs op. Die opleiding in ons Fakulteit stel hul dus nie net in staat om as werknemers tot die sakewêreld



“Ons gee om vir ons studente. Elke student se totale ontwikkeling as mens is vir ons belangrik – daarom wil ons van elkeen ’n winner in sy of haar eie reg maak.”

toe te tree nie – dit rus hulle veral toe om hul eie ondernemings te begin en te bestuur en om sodoende ook werkskeppers te word.

“Wat is u onmiddellike toekomsplanne as Dekaan?”


Om steeds die uitdagings wat gestel word voor oë te hou, en seker te maak dat die Fakulteit uniek, relevant, onmisbaar en mededingend bly in die lig van die eise wat ’n veranderende omgewing stel. Ek dink die grondwerk is reeds gedoen – wat nou nodig is, is die implementering en verfyning van al ons strategieë.

“Vertel ’n bietjie meer oor die Fakulteit se slagspreuk.”

Ons slagspreuk *Op die wenpad* verwys na al die betrokkenes. In die eerste plek is die slagspreuk – en ons beplande strategieë – daarop gerig om ons studente op die wenpad te plaas. Ek wil graag hierdie opmerking in perspektief plaas. Dit beteken nie dat ons net in “wenners” belangstel nie – veel eerder wys dit op ons strewe om van elke student ’n winner in sy of haar eie reg te maak. Ons wil hê elke student en personeellid moet deurlopend volgens die maksimum van sy vermoë, kundighede en vaardighede presteer.

Ons gee om vir ons studente. Elke student se totale ontwikkeling as mens – op akademiese, sport- en kulturele terrein – is vir ons belangrik. Daarom skep ons ’n studentvriendelike omgewing.

Maar dié slagspreuk wys ook na die Fakulteit. Dit beteken dat ons daarna streef om die beste in die ekonomiese, rekeningkundige en bestuurswetenskappe te wees. In kort – die leier op hierdie gebied. ■



Op die Wenpad!

Departement Bedryfseconomie Universiteit van Pretoria

Bestuursopleiding vir die toekoms

By die Departement Bedryfseconomie besef ons onder watter geweldige druk bestuurders verkeer om maar net aan die eise van elke dag te voldoen. Ons ken daardie gevoel dat jy so besig is net om kop bo water te hou dat daar kwalik tyd is om op die hoogte te bly met die jongste ontwikkelings van hedendaagse bestuur.

“...managerial work is undergoing such enormous and rapid change that many managers are reinventing their professions as they go along”

-Rosabeth Moss Canter

Juis daarom is dit vir ons so belangrik om self op die voorpunt van moderne bestuursopleiding te bly. Hetsy in ons formele voor- en nagraadse opleiding van ons studente, of in voorgesette opleiding om bestuurslui in te lig en toe te rus met die mees resente denkstrominge en -praktyke, bly dit ons strewe om die pas aan te gee.

Skakel ons om in te haal en die pas aan te gee op die volgende terreine:

- Algemene bestuur
- Reklame en distribusiebestuur
- Produksie-, aankoop- en materiaalbestuur
- Skakelwerk en korporatiewe kommunikasie
- Strategiese bemarkingsbestuur
- Kommunikasiebestuur
- Bemarkings- en verbruikersnavorsing
- Finansiële en beleggingsbestuur

Vir navrae skakel asseblief tel: (012) 420-3119

University of Pretoria and
National Colleges –

We'll bridge the gap to formal training

The relatively low standard of career training available to a large section of the economically active population in South Africa, is alarming. Subsequently the University of Pretoria and the National Colleges – Lyceum, Success and Mentor – have decided to co-operate in the quest for a higher standard of training.

Meeting the challenge

The Faculty of Economic and Management Sciences has been identified as a growing Faculty. For this reason it is important that we remain market oriented, especially with regard to the identification and penetration of new market segments," says the Dean, Prof Sieg Marx.

He points out that this market oriented approach will bring new opportunities to co-operate with other educational institutions. On the other hand, it will bring new challenges to develop and implement new bridging strategies and matrices of multi intake and output levels at tertiary institutions.

The initiative for closer co-operation between the University of Pretoria and the National Colleges was initiated by this Faculty.

Prof Marx points out that this co-operation will make it easier for students who study by means of distance training, and who wish to obtain a degree, to be incorporated into programmes offered by Tukkies.

According to him the envisaged programmes will fulfil an important need in the market, namely that of academically based and career oriented training which will be accredited and acknowledged by the University. "This involves the joint expertise and skills of Tukkies and the National Colleges," says Prof Marx.

Setting the seal

26 August 1993 is a historical day. On this day the University of Pretoria and the National Colleges officially announced that consensus was reached on the nature and contents of the agreement of co-operation.

Through this a relationship has been established between these two parties, by which they have committed themselves to enhance the level of career training in South Africa. The operationalisation of this agreement and the implementation of the programmes are receiving attention.

Communiqué gladly gives a preview of what is being planned:

Looking to the future

The National Colleges – Lyceum, Success and Mentor – have the objective to offer an opportunity of affordable, career oriented distance education to numerous people, which will eventually make formal university training accessible to them.

Tukkies will control the academic programmes and standards to ensure that these students are able to bridge the gap to formal university training successfully.

This co-operation offers an opportunity to all persons – also those who do not normally qualify for formal tertiary education – to equip themselves for a better future by means of university supported training. This brings hope to many school leavers who passed matric with university entrance, but who do not comply with the admission requirements set by the Faculty.

One of the programmes being planned is an academic diploma and a bridging course which will be offered by Lyceum in

“This co-operation has been structured so that all parties will be winners.”

– Prof Flip Smit, Vice Chancellor and Rector

co-operation with the University of Pretoria. The successful completion of this course will offer candidates the opportunity to enrol for a BCom degree at UP.

These students will take subjects such as Mathematics, Accountancy, Economics, Business Economics, Human Resources Management, Language Skills and Computer Practice. If such a student prefers not to continue with university training, he/she will receive a certificate.

Persons who are already employed but who do not have a college or university qualification, will now also have the opportunity to obtain a tertiary qualification. They may obtain professional or career oriented certificates and diplomas through distance education at Lyceum and Success, or through contact education at the Mentor Business School. The academic standards will be controlled by the University.

Such a qualification will not only be valuable in its own right within their careers, but will improve the possibility of gaining entrance to the BCom degree. For example, a two-year certificate

will probably enable a person to enrol for the second study year of the BCom degree.

Making it happen

“This co-operation is a unique breakthrough for training and education in our country. If it is successful, it will contribute to the solution of existing problems with regard to education needs amongst adults in the country. It is an affordable solution which will not place new burdens on the state – and therefore the tax payer,” according to a statement by Mr Ton Vosloo, Chairman of the National Colleges.

Prof Sieg Marx, Dean of the Faculty, points out that this Faculty will be closely involved with the preliminary planning of the co-operation process, and will be the first to become involved.

“The University of Pretoria, the Colleges and the adult students will benefit from this

He emphasises that it constitutes an entirely new market for the University. “The strategy will contribute to make this Faculty and University unique, relevant, indispensable and competitive.”

According to Prof Marx the advantages for the National Colleges are that this agreement will enable them to offer even more to their students: “They can now receive career oriented and acknowledged academic training simultaneously.”

The advantages for adult students are that this agreement opens up many possibilities which have never before been available in South Africa.

Prof Marx concludes by saying: “With the relatively low level of career training of the economically active population in South Africa, an agreement of co-operation such as this, is definitely in the interest of the entire country.” ■

agreement,” says Prof Marx.



Seen here are some of the members of the planning committee: (from left) Mr Manie Steyn, General Manager: National Colleges; Prof Sieg Marx, Dean and Chairman of the committee; Dr Pieter de Bruyn, Director: Mentor Business and Computer School and Mr André du Toit, Study Director: Success College.

Bemarring – 'n vereiste vir groei

Dit is meer as net 'n modewoord in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Die bemarringsaktiwiteite van 1993 en die strategieë wat vanjaar geïmplementeer is, is bewys daarvan. Vir hierdie dinamiese groeifakulteit is effektiewe bemarring 'n absolute noodsaaklikheid.



Mev Adri van der Merwe staan aan die hoof van die Skakelafdeling van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: "Dit is 'n uitdaging om deel te wees van só 'n dinamiese wensfakulteit," sê sy.

Mense is belangrik vir hierdie Fakulteit. Daarom word aandag geskenk aan elke teikengroep. Gedurende 1993 is verdere momentum egter veral verleen aan die strategieë wat op voornemende studente en oud-studente gerig is. Die Fakulteit se Skakelafdeling is ook verder uitgebrei om aan die toenemende eise wat gestel word, te voldoen.

Mev Adri van der Merwe, Senior Skakelbeampte, is reeds sedert 1988 verantwoordelik vir die skakelaksies van hierdie Fakulteit. Sy was egter nog, tot en met 1992, as personeellid aan die Afdeling Openbare Betrekkinge van die Universiteit verbonde. In 1993 is mev Van der Merwe as voltydse personeellid van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangestel.

"Alhoewel ek aanvanklik teoreties-gesproke nie 'n personeellid van die Fakulteit was nie, was dit maar van die begin af 'my' Fakulteit. 'n Mens kan nie anders as om baie nou betrokke te raak by só 'n dinamiese wenspan nie," sê sy.

Die Skakelafdeling het vanjaar ook nog 'n ander personeellid bygekry. Mev Maureen Greyling, Administratiewe Beampte, is aangestel vir die hantering van die eenstopkliëntediens van die Fakulteit. Dit is 'n diens wat daarop gemik is om navrae wat voornemende voorgraadse studente aan die Fakulteit rig, meer kliëntvriendelik en effektief te hanteer.

Die eenstopkliëntediens vorm 'n integrale element van die bemarringsstrategie vir voornemende studente wat vanjaar geïmplementeer is.

Groei in voornemende studentegatelle

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is deur die Hoofbestuur as 'n groeifakulteit geïdentifiseer.

Om hierdie doelwit te bereik, is die graadpakkette van die Fakulteit herontwerp om dit meer markgedrewe te maak en is 'n omvattende bemarringsstrategie, gemik op voornemende studente, vanjaar geïmplementeer.

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is as 'n groeifakulteit geïdentifiseer. Die doelwit is om in kwantiteit te groei, maar veral ook in kwaliteit.



Een van die grafiese elemente wat in die nuutontwerpte bemarkingsmateriaal en brosjures gebruik word.

Verder is die bemarkingsmateriaal en brosjures nuutontwerp om in lyn te kom met die herontwerpte graadpakkette. Dit is ook aangepas om die effektiewe implementering van die bemarkingstrategie moontlik te maak. Alle brosjures en inligtingstukke van die Fakulteit sal voortaan ook in Engels beskikbaar wees.

Die basiese uitgangspunt van hierdie bemarkingstrategie is om sover moontlik op 'n persoonlike vlak betrokke te raak by voornemende studente en om voldoende inligting beskikbaar te stel, sodat hulle 'n ingeligte beroepsbesluit kan neem.

“Die eenstopkliëntediens stel ons in staat om 'n volledige 'bestelling' van ons 'kliënte' te neem, en om navrae persoonlik en professioneel te hanteer,” sê mev Van der Merwe.

Die doserende personeel van die Fakulteit is ook nou betrokke by dié bemarkingstrategie en -aktiwiteite. Tydens die Opedag op 24 April 1993, die vyf Tukkiedae wat vanjaar onderskeidelik in

Secunda, Newcastle, Rustenburg, Durban en Vanderbijlpark aangebied is, verskeie inligtingsaande by hoërskole in die Pretoria-omgewing en kampusbesoeke van groepe leerlinge aan die Fakulteit, is 'n belangrike bydrae deur die doserende personeel gelewer.

Verteenwoordigers van die onderskeie studierigtings was by elke werwingsaksie betrokke. Hul teenwoordigheid tydens hierdie werwingsaksies het verseker dat voornemende studente persoonlik eerstehandse beroepsinligting kon bekom.

Voornemende studente wat telefonies of skriftelik navraag doen, se navrae word ook op 'n persoonlike vlak hanteer. “Met ons eenstopkliëntediens verskaf ons eers volledige inligtingstukke en studierigtingbrosjures aan voornemende studente wat navraag doen, maar maak ook voorsiening vir diegene wat nóg vrae het. Hulle word verwys na die betrokke departemente en word aangemoedig om die departementshoofde te skakel,” verduidelik mev Van der Merwe.

Groei in oudstudentegetalle

“Ons oudstudente is reeds in 1988 as 'n belangrike teikengroep geïdentifiseer. *Communiqué* is juis 'n integrale deel van 'n bemarkingstrategie wat toe reeds geloods is om nouer skakeling met ons alumni te bewerkstellig,” sê mev Van der Merwe.

Hierdie langtermynstrategie begin nou vrugte afwerp. Met die eerste *Communiqué* in 1988 het die Fakulteit oor minder as

200 adresse van oudstudente beskik: “Ons het egter met elke uitgawe daarin geslaag om nóg adresse te bekom. En nou, ses jaar later, beskik ons reeds oor 5 630 adresse van ons oudstudente.”

Hierdie uitstekende resultate kan veral toegeskryf word aan die volgehoue skakeling met oudstudente deur middel van *Communiqué*, aan die feit dat oudstudente reeds tydens promosieplegtighede gewerf word en aan noue samewerking met die Bond van Oud-Tukkies.

“Die bydrae van ons oudstudente in dié verband mag ook nie onderskat word nie. Hulle gee vir ons name deur van ander oudstudente waarvan hulle weet en hou ons op hoogte van adresveranderinge,” vertel mev Van der Merwe.

Die eerste doelwit van dié strategie, naamlik om 'n substantiewe databasis van die Fakulteit se oudstudente daar te stel, is dus tot 'n groot mate bereik.

Nou kan veral aandag gegee word aan die bereiking van die volgende doelwit: om die oudstudente meer betrokke te maak by die Fakulteit.

Volgens mev Van der Merwe sal die Fakulteit eers 'n behoeftebepaling doen om vas te stel op watter wyses die oudstudente graag meer betrokke wil raak: “Ons beoog om 'n eie alumnivereniging in 1994 te stig. Dit sal ons in staat stel om meer effektief in die behoeftes van ons oudstudente te voorsien,” sê sy. ■

(Oudstudente word aangemoedig om kontak te behou met die Fakulteit. Gebruik asseblief die oudstudente-adresinligtingsvorm op bl 32)

Soos vinkel en koljander

Arnold van Wyk is in 1992 aangewys as die top-matrikulant (seunsafdeling) in Transvaal. Hy is nou 'n volbloed Tukkies en 'n ywerige BCom(Rek)-student wat netjies in sy pa, ook 'n oud-Tukkies, se voetspore volg. Mnr Koos van Wyk is tans 'n senior vennoot van die ouditeursfirma Coopers Lybrand.

Communiqué het met hulle gesels oor dit wat albei na aan die hart lê: die GR-beroep en Tukkies.

“Ek wou nooit doelbewus in my pa se voetspore volg nie, maar wou myself wel in die handelsrigting bekwaam. Die besluit om BCom(Rek) te neem is vir my makliker gemaak deur die feit dat dit veelsydige beroepsmoontlikhede inhou,” sê Arnold dadelik met die wegspringslag.


Pa Koos sluit hierby aan: “Ek het aanvanklik Aptekerswese of 'n BCom-rigting by die Universiteit van Stellenbosch oorweeg. Maar toe verhuis my ouers Transvaal toe – en ek 'ontdek' Tukkies, Taaibos en BCom(Rek).”

Vir albei van hulle was die besluit om Tukkies toe te kom nie 'n klinkklare besluit van die begin af nie. “Soos ek reeds gesê het, was dit omstandighede wat my genoodsaak het om Tukkies toe te kom. Maar ek was nog nooit vir een oomblik spyt daarvoor nie,” sê Pa Koos.

Arnold vertel ook dat die keuse van 'n universiteit nie maklik was vir hom nie: “Ander uni-

versiteite maak groot aansprake ten opsigte van rekenmeestersopleiding, maar ek is oortuig daarvan dat Tukkies as my eerste keuse die regte besluit was. Die feit dat die Fakulteit 'n Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) het, wat vir my as 'n voornemende GR soveel geleenthede en puik opleiding bied, is bewys daarvan. Huis GR, die BCom(Rek)-studentehuis, laat 'n mens ook baie tuis voel hier.”

Alhoewel die akademie vir albei belangrik is, is hulle dit ook eens dat dit nie ál is wat tel nie. Arnold ry graag fiets, gaan nog af en toe vir musieklesse, dien as redaksielid van *Die Perdeby* en neem aktief deel aan kampusaktiwiteite – net soos sy pa gedoen het. “As ek aan Tuks dink, val die studentelewe my by: herinneringe van rugby speel, intervarsity met Potch, jool en vlotbou.



'n Trotse pa: mnr Koos van Wyk, senior vennoot van Coopers Lybrand, laat sy seun, Arnold van Wyk, solank “oefen” om 'n GR se stoel vol te sit.

Naweke was 'n groot sosiale fees,” vertel Pa Koos. Maar hy onthou ook nog die vasbytdae toe hy as derdejaarstudent buite-muurs moes klasdraf in die aande, na 'n voldag se werk as klerk by 'n ouditeursfirma.

Tukkies is vir hom as oudstudent baie belangrik. “Volgens my het die standaard van GR-onderdig geweldig verhoog, veral in die lig daarvan dat die GR-opleiding nou in die SRO gesetel is. Dit veroorsaak dat uitstaande opleiding gebied en gehandhaaf word,” sê hy. Selfs as vennoot van Coopers Lybrand is

“Ek is oortuig daarvan dat Tukkies as my eerste keuse die regte besluit was. Tuks bied soveel geleenthede en puik opleiding vir my as ’n voornemende GR.”

– Arnold van Wyk, top-matrikulant 1992

volgehoue skakeling met die Universiteit van Pretoria vir hom van groot belang.

“Benewens die feit dat Tukkies my alma mater is, is UP ook ons grootste voedingsbron van personeel. Die meeste van


ons vennote en werknemers is oud-Tukkies,” verduidelik hy.

En hoe ervaar Arnold die Tukkies van vandag? “Heeltemal anders as wat ek verwag het dit gaan wees. Die beeld van Tuks in die media verskil baie van dit wat

ek prakties op ‘grass roots level’ ervaar – ’n dinamiese, tweetalige, veelrassige tersiêre instelling! Ek ervaar die oorgrote meerderheid Tukkies as gematig en geniet die studentelewe op die kampus,” antwoord Arnold. ■

Só lyk ’n top-student

’n Kykie na Arnold se prestasies as leerling aan die Hoërskool Zwartkop, maak dit gou duidelik waarom hy as die top-matrikulant in Transvaal aangewys is.



Vir ’n top-student soos Arnold van Wyk sal die spreekwoordelike son altyd skyn (wel, amper altyd...)

Naam:	Arnold van Wyk
Geboortedatum:	6 Oktober 1974
Skoolloopbaan:	Laerskool Hennopspark, Verwoerdburg Hoërskool Zwartkop, Verwoerdburg
Akademiese prestasies:	Matrikuleer in 1992 met sewe onderskeidings Dux leerling (1992) Akademiese erekleure (1988 - 1992) Dertiende plek in landswye Afrikaanse Olimpiade (1992)
Leierskap:	Hoofseun (1992)
Sport:	Rugby, tennis, atletiek, fietsry
Kultuur:	Lid van Noord-Transvaalse Jeugorkes (1987-1991) Algehele naaswenner in ATKB se landswye redenaarskompetisie vir hoërskoolleerlinge (1992) Beste spreker in skool (1989 - 1992) Streekwenner: Spraak- en dramagilde (1990) Voortrekkers (Presidentsverkenner) Beste kulturele presteerder (1991 - 1992) Kultuur erekleure
Ander prestasies:	Beeld en Volkskas se <i>Matrikulant van die Jaar</i> vir 1992 Uitruilstudent na Duitsland (Desember 1991 tot Januarie 1992) Mees veelsydige leerling (1992)

TAKE FIVE

– class of '93

There are five of them and they are the first. One may call it "history in the making." When this Class of 1993 graduates in December, they will be the first students ever to receive a BCom(Hotel and Tourism Management) degree at the University of Pretoria, the only university in South Africa to offer this unique degree.

It all started in 1990 with the implementation of the Southern Sun Chair in Hotel and Tourism Management. A shortage of skilled managers for the industry prompted this decision and the implementation of this specialized BCom degree drew a lot of attention.

Tibor Zsadanyi, Maréke de Beer, Liesl Uys, Pierre van der Schyff and Kobus Heyneke knew that this was what they wanted to do. They passed the first selection process with flying colours and enrolled for this degree.

It's three years down the line and they are on the verge of receiving their degrees. But what do they have to say about their studies?


Tibor says: "As the first lot we experienced a few teething problems. However, everything was soon sorted out. I thoroughly enjoyed these three years, especially our group excursions to Indaba, the Carlton Hotel, Lost City and the Carousel. We gained valuable first hand experience from these managers."

Maréke says: "Wonderfully interesting! I loved the practical component of this degree course, especially the wine and cookery courses. We had every opportunity to test our theoretical knowledge in practice. This degree course has great potential."

Liesl agrees wholeheartedly with them: "I am really going to do something with this degree. I plan to complete the honours course next year, but then I'll be off to gain some practical experience abroad. I won't stay away for too long, though."


Pierre has set his aim on becoming one of the best managers this industry has ever had. "I have learned so much about management and have such a solid backing with my BCom degree, that I know I'll be able to do it," he says. Like the rest of the group, Pierre also plans to complete his honours degree next year, before taking on the challenges of the industry.

Kobus points out that his situation was a bit different from the onset. "My family owns a



Is this a taste of things to come: water, wildlife and whiling away the time? The final year BCom(Hotel and Tourism Management) students "take five" in front of the Old Arts Building before the exam frenzy starts.

Tibor Zsadanyi



Kobus Heyneke



Liesl Uys



Maréke de Beer



Pierre van der Schyff

hotel. Because of this, I've had some experience in the industry, but I felt I lacked the theoretical knowledge. To my surprise, I did not only gain theoretical know-how – I picked up a few practical tips as well. It just goes to show – one is never too old or too experienced to learn," he says.

The group coherence is very strong. And by listening to them chatting away about their future, one realizes that even though they might each end up going different places, they will always have one thing in common – that special something that binds them together, this pioneer Class of '93. ■

'n Topstudent se curriculum vitae

Om as die beste honneursstudent in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangewys te word, is geen geringe prestasie nie, veral wanneer in ag geneem word dat daar 'n totaal van 287 honneursstudente in 1992 was.

'n Gemiddeld van 90 persent vir al jou vakke in 'n honneursjaar, is seker enige student se droom. Monica Taljaard het gewys hoe dit gedoen word...



Hierdie besondere prestasie is vanjaar behaal deur mev Monica Taljaard, tans 'n ingeskrewe MCom-student en junior dosent in die Departement Statistiek. Dit is 'n prestasie wat sy in alle opsigte verdien het.

Monica Taljaard (née Hildebrand) matrikuleer in 1987 met vyf onderskeidings aan die Hoërskool Piet Retief. Reeds op skool behaal sy topprestasies. Sy verwerf akademiese erekleure en word aangewys as dux leerling.

In 1988 begin sy met haar voorgraadse studie in Ekonomie en Statistiek aan die Universiteit van Pretoria. Sy word aangewys as die beste student in Ekonomie


in haar eerste- en tweedejaar. In haar derdejaar word sy aangewys as die beste student in Statistiek. In 1991 verwerf Monica haar graad met lof en word sy ook aangewys as nasionale wenner van 'n projekkompetisie, aangebied deur die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging.

As 'n honneursstudent behaal Monica 'n gemiddeld van 90 persent vir al haar vakke. Sy verwerf die BCom(Statistiek)(Honneurs)-graad in 1992 met lof.

Met só 'n kykie na Monica se curriculum vitae word dit duidelik waarom sy die Fakulteit se toekenning vir uitnemende akademiese prestasie ontvang het. ■

'n Jong Tukkie – wenner in eie reg

1993 was 'n goeie jaar. Om 'n persoonlike beste in haar atletiekloopbaan aan te teken, om aan die Wêreldkampioenskappe in Stuttgart deel te neem en om haar finalejaar BCom(Regte) suksesvol af te handel, is gróóť hoogtepunte – en is bewys daarvan dat sy inderdaad 'n Tukkie op die wenpad is.



'n Wenner is iemand wat nie noodwendig elke wedloop wen nie, maar wat altyd 'n persoonlike wenstreep najaag.

Die wenpad: dit is 'n pad wat Yolanda Steyn 'n geruime tyd al stap. Sy het reeds in 1990, as matriekleerling aan die Hoërskool Waterkloof, op die atletiekbaan presteer. Tydens die Suid-Afrikaanse Junior

Yolanda Steyn, derdejaar BCom-student, Springbok-atleet en Tukkie se Sportvrou vir 1993.

Kampioenskappe van dié jaar, behaal sy 'n eerste plek in die 100 en 200 meter items en verwerf sy vir die eerste keer Junior Springbokkleure. In 1991, tydens haar eerste studiejaar op Tukkie, verwerf sy haar Suid-Afrikaanse Universiteitskleure.

In 1992 neem sy deel aan die Suid-Afrikaanse Senior Kampioenskappe en verwerf 'n derde plek in die 100 en 200 meter. Na afloop van die byeenkoms word sy gekies as lid van die Suid-Afrikaanse span wat aan die Afrika Eenheidspele in Dakar, Senegal en in Germiston deelneem.

In Julie 1992 neem sy ook deel aan die Afrika Kampioenskappe in Mauritius. "Sy was die jongste kwalifiseerder vir beide die eindronde van die 100 en 200 meter items," vertel haar afrigter, mnr Ettian Raubenheimer. Yolanda het in 1992 vir die tweede agtereenvolgende jaar Suid-Afrikaanse Universiteitskleure verwerf.

Op 15 Mei 1993, tydens die Nedbank Prestige byeenkoms op Pilditch, teken Yolanda haar persoonlike beste tye in die 100 meter (11,46) en 200 meter (23,04) aan. Met hierdie prestasie in die sak pak Yolanda die Afrika Kampioenskappe aan wat gedurende Julie in Durban aangebied is.

"Sy het 'n uitmuntende vertoning in die 200 meter gelewer deur net na Mary Onyali, die Afrika-rekordhouer van Nigerië, te eindig," vertel mnr Raubenheimer. Na afloop van hierdie byeenkoms is Yolanda verkies om Suid-Afrika by die Wêreldkampioenskappe in Stuttgart te verteenwoordig. As die jongste dames-atleet van 'n span bestaande uit 18 lede, was dit 'n groot prestasie.


Sy sê: "Die Wêreldkampioenskappe was 'n absolute hoogtepunt in my atletiekloopbaan. Dit was vir my 'n groot leerskool en ek het baie ondervinding opgedoen. Dit is iets wat 'n mens nie met geld kan koop nie. Ek het baie geleer by atlete soos Marlene Ottey en Mary Onyali."

Dit is mos 'n prentjie van 'n wenner; iemand wat nie noodwendig elke wedloop wen nie, maar wat altyd daarna streef om tot haar volle potensiaal te ontwikkel; iemand wat as't ware haar eie wenstreep bepaal.

En het Yolanda al haar persoonlike wenstreep bereik? "Nee," lag sy, "Ek is reeds besig met voorbereiding vir die 1995 Wêreldkampioenskappe en volgende jaar pak ek my LLB-studie aan."

Nuwe uitdagings en 'n nuwe wenstreep vir Yolanda Steyn. ■

Vernou die verwagtingsgaping



Prof Dieter Gloeck het baanbrekersnavorsing op die gebied van die verwagtingsgaping en die ouditeurs-professie in Suid-Afrika gedoen.

Een van die mees kritieke vraagstukke in die ouditeurs-professie wêreldwyd, is die bestaan van die sogenaamde verwagtingsgaping. Prof Herman de Jager en prof Dieter Gloeck van die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO), het vanjaar 'n waardevolle bydrae op dié gebied gelewer met die bekendmaking van hul navorsingsresultate oor die verwagtingsgaping en die ouditeurs-professie in Suid-Afrika.

Daar is tot op hede feitlik geen empiriese navorsing in Suid-Afrika op die gebied van die sogenaamde verwagtingsgaping gedoen nie. Verskeie ondersoeke is in oorsese lande onderneem, maar daardie aanbevelings kan nie sonder meer hier geïmplementeer word nie.

“Ons het met ons navorsing gepoog om die finansiële verslagdoeningsproses in die land te verbeter en veral om die ouditeursprofessie in staat te stel om skaars hulpbronne op die mees effektiewe en doeltreffende wyse aan te wend,” sê prof Gloeck.

Maar wat is die sogenaamde verwagtingsgaping? Prof Gloeck verduidelik: “Dié gaping word beskryf as die verskil tussen dit wat die gebruikers van die finansiële verslagdoeningsproses van ouditeure verwag en dit wat ouditeure self as hul verantwoordelikheid sien.”

Volgens hom berus die verwagtingsgaping verder sterk op persepsies. “Indien gebruikers die persepsies het dat ouditeure byvoorbeeld nie onafhanklik is nie, terwyl onafhanklikheid as 'n voorvereiste gestel word, dra dit by tot die verwagtingsgaping,” sê hy.

Finansiële verslagdoening speel 'n belangrike rol by beleggers, aandeelhouders, direkteure en selfs werknemers. Daarom is dit in almal se belang dat knelpunte in die proses tot almal se tevredenheid opgelos word. Die SRO het meer as 16 000 “finansiële ingeligte persone” by hul ondersoek betrek.

Direkteure, voorsitters van maatskappydireksies, bankbestuurders, aandelemakelaars,

rekenmeesters, finansiële kontroleurs en interne sowel as eksterne ouditeure se menings is met die formulering van die bevindinge in ag geneem.

Oor hul navorsingsresultate sê prof Gloeck: “Ons het bevind dat die verwagtingsgaping in Suid-Afrika nie vernou het nie, maar eerder in omvang toegeneem het. Indien in ag geneem word dat hierdie tendens plaasvind ten spyte van intensiewe pogings deur verskeie partye, word dit duidelik dat dieperliggende oorsake as dié wat reeds bekend is, teenwoordig moet wees.”


En dit is veral met betrekking tot die identifisering van hierdie dieperliggende oorsake waar die SRO-navorsers 'n belangrike bydrae gemaak het.

Volgens hulle sentreer die verwagtingsgaping in Suid-Afrika rondom drie hoofsaake: die gebrek aan onafhanklikheid en objektiwiteit by die ouditeur, die onduidelike rol van die ouditeur en die ontevredenheid oor die audit van klein, eienaarbestuurde maatskappye.

Prof Gloeck wys daarop dat die metodes wat hulle voorgestel het om die verwagtingsgaping te vernou, gerig is op hierdie drie hoofsaake. Hy sê dat die verantwoordelikheid om veranderinge te inisieer, by die professie se beheerliggame berus.

“Om dié gaping te vernou moet die professie 'n benadering volg wat op groter deursigtigheid en rekenskap berus. Daar moet groter sensitiwiteit teenoor die behoeftes van die gebruikers van die verslagdoeningsproses openbaar word,” sê hy. ■

“Navorsing is die uitstaande aspek wat ’n universiteit van enige ander tersiêre opleidingsinstansie onderskei. Dit is ’n universiteit se taak om nuwe kennis te ontdek – en dit word by uitstek deur navorsing gedoen.”



Die strewe na nuwe kennis

aan die woord is prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: “Personeel in die Fakulteit plaas steeds groter klem op hul navorsingstaak. Die Fakulteit se navorsingsuitsette van 1992 is reeds aansienlik hoër as dié van 1991. So het die persentasie nagraadse studente met 12,68 persent toegeneem. Die getal doktorsale studente wat gedurende 1992 gepromoveer het, is 55,5 persent meer as dié in 1991. Groter insette is ook gelewer by die skryf van handboeke en ander vakwetenskaplike publikasies.”

Prof Marx wys daarop dat die drie navorsingsburo’s van die Fakulteit veral ’n omvangryke bydrae lewer.

Fokus op ekonomiese kernvrae

Die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA) is die navorsingsarm van die Departement Ekonomie. BEPA, wat reeds sedert 1970 besig is met navorsing oor verskeie ekonomiese aangeleenthede, publiseer op ’n gereelde grondslag hul navorsingsresultate.

Een voorbeeld hiervan is die *Fokus op Ekonomiese Kernvrae*, ’n publikasie wat ’n grondige ondersoek na ’n akuele ekonomiese onderwerp illustratief aanbied.

BEPA is ook verantwoordelik vir ’n navorsingsreeks oor kern ekonomiese

tendense. Dié reeks sluit in: *Vernaamste Nywerheidslande, Afrikalande, Wisselkoerse, Openbare Rekeninge, Mensekragangeleenthede* en *Monetêre Aangeleenthede*.

Met sy navorsing lewer BEPA ’n omvangryke bydrae tot die ontwikkeling van dié vakgebied in die Suid-Afrikaanse konteks.

Fokus op bestuur en finansies

Die navorsingsarm van die Departement Bestuurswese, die Buro vir Finansiële Analise (BFA), bestaan reeds 28 jaar. Die doel van die BFA is onder meer om navorsing oor die ontwikkeling en toepassing van moderne bestuurs- tegnieke te doen en om ’n daadwerklike bydrae tot die verbetering van die bestuurspeil van veral die kleinsakeonderneming in die RSA te lewer.

Alhoewel die BFA wyd uiteenlopende navorsing doen, kan veral twee kategorieë uitgesonder word. Die eerste is dié van diepgaande bedryfsvergelende studies van bedryfstakke en professies. Die tweede is die uitbouing van ’n hele reeks finansiële en ander databanke.

Die aanvraag om inligting uit dié databanke neem steeds toe. Dit is veral nagraadse en voorgraadse studente van UP en ander universiteite sowel as verskeie teknikons wat hierdie inligting benodig.

Die huidige en potensiële groot gebruikers van inligting uit die finansiële databanke is aandelemakelaars, versekeraars, pensioenfondse, finansiële tydskrifte en genoteerde maatskappye.

Dié Fakulteit plaas steeds groter klem op navorsing. Die uitsette van 1992 is reeds aansienlik hoër as dié van 1991.

Meer wetenskaplike finansiële en beleggingsbesluitneming word vir sulke instellings moontlik gemaak deur die finansiële inligting wat sedert 1991, deur middel van BFA-NET, op 'n kommersiële grondslag bemark word.

Die BFA is ook verantwoordelik vir die verwerking van inligting wat vir die opstel van vier jaarlikse prestige publikasies gebruik word, naamlik die:

- *Financial Mail* se keuse van die top twintig finansiële jaarstate van genoteerde maatskappye;
- *Financial Mail* se publikasie van die topmaatskappye in rangorde van finansiële prestasie;
- *Finance Week* se publikasie van die top 200 maatskappye; en
- *Taylor's Corporate South Africa* wat in 1993 vir die eerste keer gepubliseer is en hoofsaaklik vir buitelandse verspreiding bedoel is.

Fokus op 'n kritiese bestuursinstrument

Statomet, die nuutste toevoeging tot die Fakulteit se navorsingsburo's, is op 1 Julie 1992 in die Departement Statistiek gestig. Hierdie Buro fokus op navorsing as 'n kritiese bestuursinstrument. Statomet het onder meer ten doel om 'n bydrae tot die verhoging van navorsingsuitsette te lewer en om opleiding in navorsingsmetodologie te verskerp.

Dit is ook die kanaal waardeur interne en eksterne statistiese konsultasie gedoen word. Die sakesektor gebruik navorsing as 'n bestuursinstrument en Statomet help kliënte in dié verband deur byvoorbeeld 'n leefbaarheidstudie, produkontwikkeling of marknavorsing te doen.

Een van die hoogtepunte vanjaar was dienslewering aan 'n bekende versekeringsmaatskappye. Statomet het strategiese ondersteuning verleen met 'n marksegmenteringsoefening en die identifisering van 'n nuwe teikenmark. Positiewe resultate is bereik.

Die doel: om navorsing te stimuleer

Die Fakulteit beskik ook oor 'n navorsingskomitee. Onder voorsitterskap van prof Geert de Wet, Hoof van die Departement Ekonomie, streef hierdie komitee daarna om navorsing in die Fakulteit aan te moedig en te vergemaklik.

"Die komitee as sulks onderneem nie navorsing nie. Dit word in vakverband deur individue en departemente onderneem. Ons poog egter wel om navorsing te stimuleer," sê prof De Wet. Van hul aksies sluit in: om die redaksie van die *Suid-Afrikaanse*


Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (SATEB) te ondersteun, om die navorsings- en skryfkuns aan te moedig met die daarstelling van 'n Fakulteitsblad vir werkgeskifte en om driemaandelikse navorsingsforums te reël.

Laasgenoemde stel navorsers in staat om hul werk bekend te stel voordat die finale publikasie stadium betree word.

Die navorsingskomitee het ook vroeër vanjaar 'n gedenkbundel, waarin die lesings wat tydens die Fakulteit se 70-jarige bestaansviering gelewer is, die lig laat sien.

Met die ywer van dié komitee, die omvangryke bydraes van die drie navorsingsburo's en die Fakulteitspersoneel se verbintenis tot die verhoging van navorsingsuitsette, streef die Fakulteit steeds daarna om nuwe kennis te ontdek en om dit in die onderrig en gemeenskapsdienslewering toe te pas. ■

Groei in navorsingsuitsette



Support leads to development

Agricultural Economics - this study terrain, with its adherence to the principles of management, production economics, marketing and agricultural development (as a precondition to development in any other sector), forms part of the economic and management sciences.

This fact was again highlighted by a research project undertaken by the Department of Agricultural Economics, Extension and Rural Development (Levlo). The Levlo research team, comprising of Dr Helmke Sartorius von Bach, Mr Johann Kirsten and Prof Johan van Zyl, Dean of the Faculty of Agricultural Sciences, set out to evaluate the *Farmer Support Programme* (FSP), as implemented

in certain agricultural areas of Lebowa, Venda, KaNgwane and KwaZulu.

This programme is based on the premise that agricultural development can be achieved by supplying agricultural support services to emerging farmers. A number of constraints which increase risk and act as disincentives for increased production, were identified. Apart from the external constraints, internal constraints such as liquidity problems, shortage of labour, lack of skills and education, were identified.

The assumption was that the removal of the internal constraints will assist a farmer to allocate

resources better. With the implementation of the FSP, certain elements were provided to assist in addressing some of these constraints.

According to the Levlo report, the FSP has indeed led to improved yields, mainly as a result of training and extension, availability of inputs and access to credit. In Lebowa the food shortage was alleviated. As one farmer (a woman) puts it: "I have kicked hunger from my family."

In doing this research, the Levlo research team has shown that Agricultural Economics does not only adhere to the hard facts and principles of economics, it also touches the more human side. ■

M's & D's gesoek!

Die Momentum Leerstoel in Versekerings- en Aktuariële Wetenskap, Universiteit van Pretoria, nou graag kwalifiserende kandidate uit om magisterverhandelings of doktorale proefskrifte voor te berei oor onderwerpe soos:

- **Behoeftes aan en persepsies van lewensversekering by laer inkomstegroepe.**
- **Oorsake en implikasies van voortydse beëindiging van lewenspolisse.**
- **Die ontwikkeling en benutting van sekere nismarkte in die Suid-Afrikaanse versekerings bedryf.**
- **Onbillike arbeidspraktyke met betrekking tot aftree- en verwante werknemersvoordele.**
- **Motivering in die bemaking van lewensversekering in Suid-Afrika: teorie en praktyk.**
- **Die verteenwoordigingsreg met betrekking tot tussengangers in die versekeringsbedryf.**
- **Elemente van effektiewe administrasie van 'n lewensversekeraar.**
- **Wiskundige statistiese elemente van risikobestuur.**

**Skakel prof George L Marx by: Tel (012) 420-3469
Fax (012) 43-2567**



**Momentum
Lewens•Life**

Bestuurskole – die stand van sake

Bestuurskole wêreldwyd is verantwoordelik vir die opleiding van sakeleiers en bestuurders van môre. Daarom sou die aanname gemaak kon word dat hierdie skole aan die voorpunt van bestuursontwikkeling moet staan. Hulle behoort dus ook self aan die hand van dinamiese bestuursbeginsels bestuur te word. Maar is dit wêrklik hoe sake staan?

Thinus de Wet, professor verbonde aan die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria, het vroeër vanjaar 'n antwoord op hierdie vraag gaan soek.

Hy het navorsing gaan doen oor bestuursopleiding in die Verenigde Koninkryk en Europa. Van die bekendste bestuurskole wat hy daar besoek het, is die *London Business School*, *Warwick Business School*, *Cranfield School of Management*, *Lyon ESC*, *IMD* en *Insead*.

Prof De Wet is vir 'n tydperk van drie maande as besoekende professor by die *Cranfield School of Management* aangestel, vanwaar hy sy navorsing onderneem het.

En tot watter gevolgtrekkings het hy gekom? "Die meerderheid van die bestuurskole wat ek ondersoek het, gebruik nie 'n strategiese bestuursproses nie – hulle tree bloot reaktief op. Korporatiewe strategie vind plaas volgens 'n strategie van konsensus. Sterk visionêre en sakeleierskap ontbreek by die meeste van dié skole. Die bestuursprosesse is evolusionêr van aard: kurrikulawysigings en die ontwikkeling van kortkursusse is byvoorbeeld meestal reaktief en is gebaseer op wat elders gebeur het," sê hy.

Volgens prof De Wet ontbreek formele korporatiewe bestuur en planmatige konseptualisering van innovasies by die meeste skole. "Formele sakeplanne kon slegs by twee skole gevind word. Korporatiewe strategie word ook selde formeel hersien. Dit vorm informeel deel van die evolusionêre, reaktiewe proses," verduidelik hy.

Hy wys ook daarop dat die bestuursopleiding wat hierdie bestuurskole aan die teikenmark bied, gerig word deur die agtergrond, belangstelling en navorsingsprojekte van akademici verbonde aan daardie bestuurskole; en nie altyd deur die behoeftes van die teikenmark nie.

"Verder word die klem geplaas op die implementering van aksieplanne. Strategiese denkers en beleidmakers hou hulle dus eerder besig met skedulering en evaluering as met nuwe en futuristiese denke," sê hy.

Prof De Wet is nogtans beïndruk deur die kwaliteit van opleiding wat gelewer word, die internasionale visie van

die skole en die menslike hulpbronontwikkeling wat by daardie skole plaasvind.

Interessante gevolgtrekkings – maar hou dit enige voordele vir Tukkies in? "Natuurlik is daar ook vir ons Nagraadse Bestuurskool 'n les te leer uit dié oefening. Trouens, ek het reeds enkele aanbevelings gemaak wat hier geïmplementeer kan word," sê prof De Wet.

"Maar," sê hy, "hierdie ondersoek het ons ook in staat gestel om 'n vergelyking te tref, en – gemeet aan dié oorsese lande se bestuurskole – kan ek bevestig dat Tukkies uitnemende bestuursopleiding doen." ■



“Naguile” kry nuwe identiteit

Hulle is die naguile genoem: die Tukkies-studente van toentertyd wat bedags gewerk het, en snags hul dors na kennis en wysheid kom les het by die Universiteit van Pretoria se Buitemuurse Afdeling in Vermeulenstraat (tot 1960) en Proesstraat (1960-1986).

Dié naguile het hul eie gebou, karakter, identiteit en tradisies gehad. Die verskuiwing van die Buitemuurse Afdeling na die Hoofkampus in 1986 het egter tot 'n groot mate die einde van dié era beteken. Buitemuurs was nie meer buitemuurs nie – en klasdraf in die aande op die hoofkampus was net nie meer dieselfde nie.

Die Universiteit van Pretoria is bewus van die besondere behoeftes en eise wat nauurse studie stel. Daarom is vanjaar 'n ondersoek in dié verband, onder voorsitterskap van prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit, geloods.

Die aanbevelings wat gemaak is en die *Tuks na 5*-program wat geloods gaan word, poog nie om die eiesoortige karakter en identiteit van die ou Buitemuurs te dupliseer nie. Die *Tuks na 5*-program is wel daarop gemik om die besondere behoeftes van hedendaagse nauurse studente in ag te neem en om 'n nuwe identiteit te skep vir die naguile van vandag.

Kom ons kyk terug:

Die naguile (1919 - 1986)


Die jaar 1919 word beskou as die begin van amptelike buitemuurse klasse aan Tukkies. Die instelling van die Buitemuurse Afdeling was in 'n groot mate te danke aan die ywer van prof W A Macfadyen, prof A C Paterson en dr J E Holloway, eerste Dekaan van dié Fakulteit.

Die depressie na die Eerste Wêreldoorlog het tot gevolg gehad dat baie jong mense nie kon bekostig om voltyds te studeer nie. Die instelling van die Buitemuurse Afdeling het dus aan 'n besondere behoefte voldoen, en die studentetal van dié Afdeling het jaarliks toegeneem.

Die profiel en omstandighede van hierdie studente het 'n besondere karakter en identiteit aan hul opleiding verleen. Hulle het nie saam met die voltydse studente klasgedraf nie. Trouens, die eerste graadklas in Ekonomie is in die sitkamer gehou van 'n huisie wat dr Holloway tydelik in Minnaarstraat gehuur het.

Die Buitemuurse Afdeling het in 1926 meer permanente huisvesting gekry in die gebou in Vermeulenstraat, wat tot 1959 as kampus vir talle werkende studente gedien het. In 1960 is die Buitemuurse gebou in Proesstraat in gebruik geneem. Dit was tot in 1985 'n tuiste vir die naguile van Tukkies.

Die buitemuurse studente het ook aktief aan studente-aktiwiteite deelgeneem: die eerste Buitemuurse VSR is op 31 Mei



Die ou Buitemuurse Afdeling van Tukkies in Proesstraat is 'n bekende “gesig” vir talle oudstude-dente wat hul opleiding hier ontvang het. Luister 'n mens na die staaltjies en stories wat dié naguile hieroor te vertel het, weet 'n mens: lekker onthou-dae is hierbinne opgesluit.

*'n Nuwe naam,
'n nuwe slagspreuk en 'n nuwe
identiteit vir die naguil van vandag.*

1921 verkies; die Buitemuurse Dansvereniging het sedert sy stigting in die vroeë twintigerjare baie bygedra tot die gees van die buitemuurse studente; die Buitemuurse Boksspan van Tukkie's het in 1930 die Hadleyskild gewen; die eerste mej Buitemuurs, mej Rina Haarhof, is in 1960 gekroon; en die eerste *Naguil*, wat die *Papegaai* as Buitemuurse koerant vervang het, het in 1978 verskyn. Die laaste *Naguil* het in 1986 verskyn toe die laaste Buitemuurse Studenteraad se termyn verstryk het.

Talle oudstudente van die Fakulteit het hul opleiding aan die Buitemuurse Afdeling van Tukkie's ontvang en praat vandag nog met heimwee van dié lekker onthou-dae.

Nauurse studente (1986 - 1993)

Die besluit om die Buitemuurse Afdeling na die Hoofkampus oor te plaas, was sekerlik nie maklik nie, maar beslis noodsaaklik. In 1984, na 'n ondersoek deur die Nagraadse Bestuurskool van die Fakulteit, is die aanbeveling vir die verskuiwing van Buitemuurs na die Hoofkampus deur die Universiteitsraad aanvaar.

Die ondersoekkomitee het bevind dat die destydse 17 persent-benutting van die Buitemuurse gebou te laag was om koste-effektief te kan wees.

In Februarie 1986 is die eerste nauurse lesings op die hoofkampus aangebied – en dit het 'n nuwe era in Buitemuurs se geskiedenis ingelui. Die term "buitemuurs" is vervang met "nauurs" – die opleiding vir die werkende persoon is immers nie

meer "buitemuurs" aangebied nie, maar wel "binnemuurs" na 17:00. Hoewel die nuwe term miskien meer beskrywend van aard was, het dit nie dieselfde tradisionele betekenis as buitemuurs gehad nie. Trouens, die persepsie het ontstaan dat buitemuurse opleiding by Tukkie's gestaak is. Nauurse opleiding aan UP het in dié tydperk tot 'n mate "gesigloos" geword.

Tuks na 5 (1994 -)

Die uitbouing van nauurse opleiding en die vestiging van 'n nuwe identiteit was een van die hoofopdragte wat prof Koos Stadler, Viserektor, aan 'n ondersoekkomitee op 15 Maart 1993 gegee het. Dié komitee, onder voorsitterskap van prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit, se aanbevelings is op 6 Julie 1993 deur die Hoofbestuur aanvaar.

Die aanbevelings behels onder meer dat die nauurse onderrigmodel aangepas moet word om minder kontaktyd te akkommodeer en dat 'n meer gebruikersvriendelike rooster opgestel moet word sodat nauurse studente nie meer as twee aande per week die kampus besoek nie.

Nog aanbevelings is dat 'n ander prysstruktuur vir klageld van voorgraadse nauurse studente moet geld, en dat aggressiewe bemakingstrategieë geïmplementeer moet word om onderrig na vyf aan werkende Tukkie's opnuut onder die gemeenskap se aandag te bring.

TUKS5

na

**UITNEMENDE KONTAKONDERRIG VIR PERSONE
WAT DOELGERIG WERK EN STUDEER**

In vandag se ekonomiese klimaat is nauurse onderrig vir baie persone 'n uitkoms. Tukkie's kan by uitnemendheid aan dié behoefte voldoen: persone wat bedags werk, kry die geleentheid om steeds saans klas te draf. Dié kontaktyd met hul dosente en medestudente is baie waardevol. Kortom: dit gee aan werkende persone 'n mededingende voordeel: hulle verdien geld terwyl hulle deur uitnemende kontakonderrig hulself beter bekwaam vir 'n beroep in die ekonomiese en bestuurswetenskappe.

Om 'n eie identiteit aan vandag se nauurse opleiding aan Tukkie's te verleen, is daar besluit om voortaan na die opleiding as *Tuks na 5* te verwys. Dié konsep is deur prof Marx voorgestel: "Ek glo dit sê baie meer as wat nauurse opleiding sê. Die nauurse student is tog in alle opsigte 'n volwaardige Tukkie-student, wat bloot net na 17:00 kom klasdraf."

Dit is ook teen hierdie agtergrond dat die komitee aanbeveel het dat indringend ondersoek gedoen moet word na die voorsiening van sport-, kultuur-, en sosiale aktiwiteite, asook ontspanning- en kafeteriageriewe spesifiek vir die *Tuks na 5*-studente.

"Tukkie's wil weer die eie identiteit en karakter wat kenmerkend was van die ou Buitemuurs laat herleef met sy *Tuks na 5*-program," aldus prof Marx. ■

Meer as 'n baccalaureusgraad

Teen die jaar 2000 moet die getal nagraadse studente 35 persent van die totale getal Tukkies-studente verteenwoordig – dit is 6 persentasiepunte meer as die huidige 29 persent. Hierdie mikpunt is deur die Hoofbestuur van die Universiteit van Pretoria gestel.

“As Fakulteit vereenselwig ons ons met hierdie ideaal en met Hoofbestuur se raamwerk vir strategiese beplanning. Daarom wend ons doelgerigte pogings aan om 'n betekenisvolle bydrae tot die groei in nagraadse studentegetalte te bewerkstellig,” sê prof Sieg Marx, Dekaan.

Die getal nagraadse studente in die Fakulteit neem steeds toe. Die totale getal in 1992 was reeds 5,89 persent hoër as in 1991. Een van die wyses waarop voortgesette nagraadse groei gestimuleer

kan word, is deur die aanbieding van unieke en relevante opleiding. Nagraadse studieprogramme word dus van tyd tot tyd herontwerp om tred te hou met die geleenthede en uitdagings in die veranderende omgewing.

Omgewingsbestuur: 'n brandpunt in die toekoms

Die konsep van omgewingsbestuur het ontstaan as gevolg van die mens se wanbestuur en

wangebruik van die fisiese omgewing. Wêreldwyd raak mense toenemend omgewingsbewus en stel hulle al hoe groter eise om verdere besoedeling van die natuur en uitbuiting van natuurlike hulpbronne te voorkom. Dié eise word veral ook voor die deur van groot ondernemings gelê.

Dr Suzanne Pollack, Hoof van die *Environmental Faculty, Henley Management College* in die Verenigde Koninkryk, het tydens 'n onlangse besoek aan Tukkies se Nagraadse Bestuurskool gewys op die toenemend strenger wetgewing waarbinne ondernemings moet optree.

Volgens haar kan swaarder boetes en selfs tronkstraf sonder die keuse van 'n boete in die toekoms vir oortredings van Omgewingswetgewing volg. Die gevare en gevolge van nalatige en selfs wanbestuur in dié verband, blyk duidelik uit onlangse optrede teen Thor Chemicals en die inhegteniseming van bestuurslede na die dood van werknemers.

In die lig hiervan is die MBA-program van die Nagraadse Bestuurskool vanjaar aangepas om ook die vak Omgewingsbestuur in te sluit. Prof Nic Alberts, Direkteur van die Nagraadse



Wêreldwyd word strenger maatreëls ingestel teen ondernemings wat die natuur besoedel en natuurlike hulpbronne uitbuit. Bestuurders moet dus opgelei word om ook die fisiese omgewing te bestuur. Daarom bied die Nagraadse Bestuurskool Omgewingsbestuur as 'n nuwe MBA-vak aan.

Bestuurskool, beklemtoon egter dat daar nie net op die bestuursaspekte van die fisiese omgewing gekonsentreer word nie: "Daar word ook aandag gegee aan die bestuursaspekte van 'n onderneming se ander omgewings, wat insluit die sosiale, kulturele, geestelike, ekonomiese, etiese, wetlike, nasionale, politieke, ruimtelike en internasionale omgewing."

Met die instelling van die vak Omgewingsbestuur word versker dat hierdie nagraadse opleiding aan die Universiteit van Pretoria tred hou met eietydse bestuursprioriteite.

Die bestuur van diversiteit

Die toenemende "vermensliking" van die werkplek en die snel-veranderende werkomgewing stel groter eise aan ondernemings om die aanpassing en ontwikkeling van diverse werkgroepe effektief te bestuur.

Die Departement Personeelbestuur is gereed om hierdie behoefte aan bestuursopleiding te vervul. 'n Nuwe vakkursus, die Bestuur van 'n Diverse Werkmag, gaan vanaf 1994 vir die MCom-(Personeelbestuur)-graad aangebied word.

Die doel van die kursus is om magisterstudente toe te rus met kennis en vaardighede om 'n werkomgewing te kan skep waarin al die werknemers kan groei en ontwikkel. Die organisasiestruktuur moet dus deur middel van 'n omvattende en geïntegreerde bestuursproses verander word. Hierdie nuwe kultuur moet sensitief wees vir die spesifieke behoeftes van minderheidsgroepe



en moet hul unieke eienskappe as 'n bate aanvaar en benut.

Diverse werknemergroepe neem toe en die samestelling van bepaalde werkgroepe verander. Die veranderende omstandighede in die praktyk vereis groter eensgesindheid en wedersydse verdraagsaamheid onder verskillende groepe.

Maar dit is nie iets wat vanselfsal gebeur nie. Die personeelbestuurder van 'n onderneming sal in die toekoms 'n groter taak hê ten opsigte van die bestuur van 'n diverse werkmag," aldus prof Leo Vermeulen, Hoof van die Departement Personeelbestuur.

Gespesialiseerde bestuursopleiding vir die openbare sektor

Die Magistergraad in Publieke Administrasie (MPA), wat vanaf 1994 in die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA) aangebied word, gaan aan 'n besondere behoefte voldoen. Volgens prof Chris Thornhill, Direkteur van SOBA, is die MPA ontwikkel met die oog op noodsaaklike bestuursopleiding aan amptenare in die bestuurskader in die openbare sektor.

"Dit gebeur dikwels dat openbare amptenare wyduiteenlopen

de voorgraadse kwalifikasies het, maar nie in die besonder bestuursopleiding ontvang het nie. Wanneer dié persone dan in bestuursposte aangestel word, ontstaan 'n behoefte aan formele bestuursopleiding – en die MPA is by uitstek geskik vir dié doel," sê hy.

Nuwe toetreders tot die openbare sektor beskik eweneens oor uiteenlopende kwalifikasies, maar het nie noodwendig bestuursopleiding ontvang nie. Die MPA is ook vir hierdie nuwe amptenare uiters geskik.

Hy wys daarop dat die MPA-grad nie soseer 'n nuwe grad is nie: "Die oorspronklike grad, wat op administrasie in die openbare sektor gefokus het, is in 1989 afgeskaf. Met die MPA-grad wat weer vanaf 1994 aangebied word, gaan die klem egter meer geplaas word op bestuursbeginsels in die openbare sektor."

Die doel van die MPA-grad is dus om die bestuurder in die openbare sektor in staat te stel om sy of haar bestuursfunksie effektief uit te voer, ongeag die persoon se voorgraadse kwalifikasie. Die toelatingsvereistes vir dié grad sluit in 'n baccalaureus-grad en voldoende praktiese ervaring. "Die MPA-grad is 'n internasionaal-erkende nagraadse kwalifikasie," sê prof Thornhill. ■

Veranderinge – op die naam af

Die volgende veranderinge is goedgekeur en word van 1995 af gebruik :

Die oue

Vakname:

Bedryfsekonomie
Hotel- en Toerismebestuur
Personeelbestuur

Studierigtings:

BCom(Hotel- en Toerismebestuur)
BCom(Personeelbestuur)
BCom(Rekeningwetenskappe)

Departemente:

Departement Bedryfsekonomie
Departement Personeelbestuur
Departement Rekening- en
Ouditkunde
Leerstoel in Hotel- en Toerisme-
bestuur

Die nuwe

Vakname:

Ondernemingsbestuur
Toerismebestuur
Bedryf- en Organisasiesielkunde

Studierigtings:

BCom(Toerismebestuur)
BCom(Menslikehulpbronbestuur)
BCom(Rekeningkundige Wetenskappe)

Departemente:

Departement Ondernemingsbestuur
Departement Menslikehulpbronbestuur
Departement Rekeningkunde
Leerstoel in Toerismebestuur

Die woord "naam" word omskryf as 'n "vaste woord om 'n persoon of saak aan te dui." In 'n dinamiese omgewing is dit egter soms nodig om weg te breek van dit wat vas staan en wat bekend is, in die strewe na uitnemendheid.

Met die strategiese herorganisasie van die Fakulteit is daar ook opnuut besin oor die name van departemente, vakke en studierigtings wat hier aangebied word.

Indien die Fakulteit op die wenpad wil bly, is dit belangrik dat die naam van 'n vak en studierigting steeds ooreenstem met die werklike inhoud daarvan, dat dit steeds relevant is in die lig van veranderinge wat in die praktyk plaasvind en dat dit enige verwarring sover moontlik sal uitskakel.

Neem deel aan u toekoms en die toekoms van Suid-Afrika

Is u reeds in die openbare sektor werksaam of stel u daarin belang om deel te word van die:

- **sentrale owerheidsvlak**
- **regionale owerhede**
- **munisipale owerhede**

Nader die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie vir:

- **'n Universiteitsdiploma in Publieke Administrasie**
- **'n Magister in Publieke Administrasie**

en volg 'n kursus met 'n inhoud spesifiek ontwerp vir die huidige en toekomstige eise van die Suid-Afrikaanse openbare sektor.


Kontak:

Die Direkteur:
Prof C Thornhill

Skool vir
Openbare Bestuur en
Administrasie (SOBA)
Universiteit van Pretoria

Prof C Thornhill
Tel: (012) 420-3334
of
Prof PA Barnard
Tel: (012) 420-3473

Tuition in English – an added advantage



Meet three of the 4 600 English-speaking Tukkies: Tibor Zsadanyi (left), a third year BCom(Hotel and Tourism Management) student; Antonella Sabatino, a final year BCom(Marketing Management) student and Aris Stamoulis, a BCom(Economics)(Honours) student.

“At first I was very sceptical about studying at an Afrikaans University, but my initial fears proved to be wrong. True, sometimes I did miss an important fact or two in class, but my lecturers were always helpful. And now I understand Afrikaans much better than I did before.”

This is what Aristidis Stamoulis – Aris to his friends – has to say about his experience as an English-speaking Tukkies student.

And he should know what he is talking about: he has been a Tukkies student since 1990. He completed his BAdmin(International Relations) degree in 1992 and is currently a BCom(Economics)(Honours) student.

English-speaking students are not a strange phenomenon on the Tukkies campus. In fact, there are currently approximately 4 600 Tukkies students who do not have Afrikaans as their first language.

They comprise approximately one-fifth of the student popula-

tion of more than 23 000. These students adapt well, achieve excellent results and graduate from the University prepared for entry into a bilingual work environment.

A flexible language policy

The majority of Tukkies students are Afrikaans speaking. However, the University of Pretoria has always had a flexible language policy. Students have been permitted to write tests and examinations in the official language of their choice.

As a result of this language policy and attempts to give students the opportunity of becoming proficient in both official languages while maintaining high academic standards, an increasing number of English-speaking students have enrolled at Tukkies.

In order to accommodate a larger number of students who do not have Afrikaans as their first language, the University has decided to introduce greater flexibility into its language policy.

Although Afrikaans remains the medium of instruction, lectures may also be presented in English when this measure is justified by student numbers and when sufficient facilities and other resources are available for this purpose.

Let's do business...

The Faculty of Economic and Management Sciences supports this more flexible language policy of the University of Pretoria. A number of BCom and BAdmin subject courses and the first degree course in English have already been implemented in 1993.

Although Afrikaans remains the medium of instruction, lectures may also be presented in English when this is justified by student numbers.

BCom(Accountancy) is the first degree course to be presented in Afrikaans as well as in English. On 28 January of this year 31 English-speaking students registered for this BCom degree.


Prof Herman de Jager, Director of the School of Accountancy (SOA) points out the fact that from 1996 the BCom(Accountancy) (Honours) degree and the Certificate in Theory in Accounting (CTA) will also be presented in English. "With this decision the School of Accountancy makes its excellent facilities for accountants' training available to both official language groups," he says.

At this stage, BCom(Accountancy) is the only degree in the Faculty that will be offered in English on second year level (1994), third year level (1995) and honours and CTA level (1996). In the other BCom and BAdmin degrees, certain subject courses are also offered in English, but only on first year level. These include Business Economics, Economics, Financial Accounting, Informatics, Commercial Law, Statistics and Public Administration.

Don't take my word for it...

One may ask how these students adapt to an Afrikaans University. *Communiqué* has asked a few of them how they have experienced Tukkies. This is what they have to say (and you can certainly take their word for it...):

Kyriakos Gregoriou, or Kerrie to his friends, is a third year BCom(Marketing Management) student. He says: "An experience, yes! I started in 1988 when every-



"I did not find it much of a problem," says Marcelino de Gouveia, a third year BCom-(Informatics) student.

thing was still in Afrikaans. Initially I had a problem understanding the lecturers, but one learns to adapt and soon the language just comes to you."

Penny Michaletos, a final year BCom student, has this to say: "It has been a wonderful experience. I always thought that I would go to an English varsity, but I don't regret my becoming a Tukkie one bit. During these past four years I have become a very loyal Tukkie. I feel quite 'patriotic' towards it and I will defend my varsity on every turn. I also made great friends here. We all help one another – it helps to know that you are not alone."

Marcelino de Gouveia and Monique Tin are third year BCom(Informatics) students. "Personally, I did not find it much of a problem," Marcelino says, while Monique adds: "Communication was a bit of a problem during my first year, especially when we had to write semester tests. But life has become much easier now."


Antonella Sabatino agrees with her: "During my first year I felt a little as if I had been thrown into the deep end. But I soon adjusted to the Afrikaans." She is now a final year BCom(Marketing Management) student. Rina Roztocil, a first year BCom(Accountancy) student, describes her



"At first I felt as if I had been thrown into the deep end, but I soon adjusted to the Afrikaans," says Antonella Sabatino, a final year BCom(Marketing Management) student.

“To my surprise, I found that for an ‘Afrikaans’ university, Tuks is very bilingual.”

– Graham Comins, a first year BCom(Accountancy) student.



According to John Aihoon, currently doing his master's degree in Agricultural Economics, he adjusted in no time.

experience as follows: “Different to other experiences, but I definitely enjoy my studies.”

Godfrey Tshilumbay, a BCom (Economics)(Honours) student from Zaire says: “I didn’t have trouble adjusting. My lectures are presented in English and everybody is helpful.”

John Aihoon, currently doing his master’s degree in Agricultural Economics, agrees with Godfrey. John is from Ghana.

Another third year BCom-(Marketing Management) student, Darrel Ingram, has this to say: “Even though our lectures are presented in Afrikaans, the lecturers are very accommodating.”

According to Tibor Zsádányi, a third year BCom(Hotel and Tourism Management) student, it wasn’t all plain sailing from the start: “I found the adjustment to an Afrikaans university difficult, but only for the first two months

or so. I was still in the Afrikaans group in my first year, but most of the subjects are now lectured in English, and most of the textbooks are in English, which is a great advantage for us.”

A first year BCom(Accountancy) student, Graham Comins, has the last say: “Becoming a Tukkies student is probably the best decision I have ever made. Being an English-speaking person I expected to have a fairly difficult time adapting. However, I have found everybody extremely helpful and friendly. For an ‘Afrikaans’ university Tuks is very bilingual!”

By listening to these students one realizes that tuition in English is indeed an added advantage for Tukkies.

Besides the extension of the policy regarding the medium of instruction, the University of Pretoria also presents special



Penny Michaletos, a final year BCom student, is convinced that she made the right decision: “I don’t regret my becoming a Tukkies one bit.”

classes in Afrikaans to students who need to improve their Afrikaans for study purposes and with a view to their integration into the student community. ■



Graham Comins, a first year BCom(Accountancy) student, says he expected to have a difficult time adapting, but decided not to take it lying down. “Becoming a Tukkies student is probably the best decision I have ever made,” he says.

Maak jou werknemers meer produktief met 'n Universiteitsonder beroepsgerigte kw

*Nasionale Kolleges, ondersteun deur die U
kursusse aan deur afstandonderrig.*

Werknemers onder jou beheer het nou
groter toegang tot universiteitsondersteunde
opleiding. Nasionale Kolleges, in
samewerking met die Universiteit van
Pretoria, ontwikkel tans akademies
gefundeerde beroepsgerigte
opleidingsprogramme wat
daarop gerig is om



Universiteit van Pretoria

werknemers volgens die behoeftes van die
bedryf beter te bekwaam. As jy dus 'n sê
het in sake, vertel jou personeel van die
kursusse wat Nasionale Kolleges landswyd
sal aanbied. Lyceum, Sukses en Mentor
bring universiteitsondersteunde onderrig
nou op 'n bekostigbare wyse
binne bereik van almal. Om
in die groeiende behoeftes
van beroepsgerigte onderrig
te voorsien, bied -



steunde alifikasie.

universiteit van Pretoria, bied nou landswyd

■ Mentor Sake- en Rekenaarskool stap-
vir-stap-kontakonderrig (PWV- gebied).
■ Lyceum en Sukses uitnemende
beroepsopleiding landswyd deur middel
van afstandonderrig. Doen nog meer vir
jou werknemers deur hulle in
staat te stel om 'n kwalifikasie
van Nasionale Kolleges te
bekom. Die tersiêre
kwalifikasie geniet wye
erkenning en bied nuwe

moontlikhede vir die sinvolle voortsetting
van universiteitstudie. Skakel die
Registrateur vir 'n prospektus oor ons
loopbaangerigte kursusse.



*Dr Thys Herbst
Studiedirekteur*

LYCEUM

(011) 403 3620



*Mr André du Toit
Studiedirekteur*

SUKSES

(011) 403 3650



*Dr Pieter de Bruyn
Direkteur*

MENTOR

(011) 403 1387

Wie in wondere glo

Hulle noem hom mnr BMW. Leo Haese, 'n oudstudent van die Fakulteit, is 'n bekende entrepreneur en suksesvolle sakeman. Volgens hom het alles begin dié dag toe dr Anton Rupert, destyds ereprofessor in die Departement Bedryfseksonomie, vir hom as student 'n boek gegee het – die outeur van die boek: dr Anton Rupert; die titel: *Wie in wondere glo*.



"'n Entrepreneur is iemand wat nog in wondere glo – want dan is feitlik enigiets moontlik," sê mnr Leo Haese, oudstudent, sakeman en entrepreneur.

'n Keerpunt in sy lewe

Ek het nie een van sy lesings as ereprofessor in Bedryfseksonomie misgeloop nie. Dr Rupert is 'n ongelooflike mens, iemand wat my definitief geïnspireer het. En ek het dit vir hom gesê."

Aan die woord is mnr Leo Haese, en hy gesels oor die dag toe hy as 'n derdejaar BCom-(Ekonomie)-student die moed bymekaar geskraap het om met dr Rupert te praat.

"Ek onthou dit was Lentedag en hy was daar. As ondervoorsitter van die Ekonomie Studentevereniging het ek hom genader om te hoor of ons 'n Tukkietoer na Rembrandt toe kon reël. Maar ek het ook die kans gebruik om met hom te praat oor sy lesings, oor entrepreneurskap en oor my ideaal om 'n eie onderneming te begin," vertel Leo.

"Dr Rupert het nie net geluister nie, hy het ook raad gegee en gesê dat hy vir my 'n boek sal

“Ek is feitlik ’n gebore oud-Tukkie. My vader, mnr Gustav Haese, het nog hier studeer in die dae van die Transvaal University College (TUC).”

stuur. Ek kon nie glo dat hierdie belangrike man vir my as student so ernstig opneem nie – tot ek twee weke later sy boek *Wie in wondere glo* ontvang, net soos hy beloop het ...”

“Hierdie boek is vandag nog een van my kosbaarste besittings. Dit het my geleer dat positiewe dinge gebeur met iemand wat positief ingestel is, dit het my laat besef dat feitlik enigiets moontlik is as jy dit graag wil hê en dit het my ideaal om ’n entrepreneur te wees, verder aangewakker.”

Eers ’n korporatiewe loopbaan...

Leo Haese het egter eers ’n draai in die korporatiewe wêreld gaan maak voordat hy sy pad as entrepreneur begin stap het. Nadat hy in 1971 sy BCom-graad aan Tukkie’s verwerf het, is hy as rekenmeester by ’n eiendomsontwikkelaar aangestel. Hy het ook in 1972 met sy buitemuurse MBA-studie aan die Universiteit van Pretoria begin.

“Dit was die gelukkigste tyd van my lewe, al was dit swaarkrydae. Dit was soms moeilik om elke aand, na ek voldag gewerk het, nog klas te draf. Gelukkig was ons ’n hegte groep buitemuurse studente wat mekaar kon moed inpraat,” sê hy.

Hy het sy MBA-studie baie geniet, veral die geleentheid wat geskep is vir buitensprekers om lesings aan te bied. “Hulle gee vir ’n mens ’n ander perspektief en verbreed jou visie,” sê Leo. Hy het in 1973 sy MBA-graad, met ’n verhandeling getiteld *Corporate Planning*, verwerf.

In 1974 is hy in die bestuursafdeling van Nissan(SA) aangestel en in Mei 1975 is hy deur BMW(SA) genader om by hulle bestuurspan aan te sluit. Hy is in 1977 bevorder tot Bestuurder: Handelaarsontwikkeling en in 1979 tot Bestuurder: Korporatiewe beplanning.


Leo Haese was in 1981 die eerste Suid-Afrikaner om ’n aanbod te kry om by die internasionale BMW-bestuurspan in München, Wes-Duitsland, aan te sluit.

’n Droom word waar

“Ek het nie hierdie aantreklike aanbod in 1981 aanvaar nie. Die tyd was ryp om my entrepreneurskap op die proef te stel. Dit was nog altyd my ideaal om my eie onderneming te begin, veral na my gesprek met dr Rupert,” sê Leo.

Hy neem toe die groot stap en in Januarie 1982 word hy ’n BMW-handelaar in Verwoerdburg. Sy onderneming brei so uit dat hy in September 1984 ook die agentskap in Pretoria oorneem. In 1991 word sy nuwe hoofkantoor in Pretoria in gebruik geneem.

Leo Haese het tans drie BMW-handelaarstakke in Pretoria en Verwoerdburg, en hy onderhandel nou om nog ’n ander motorhandelmaatskappy oor te neem. Tesame met sy eiendomsmaatskappy word daar vir ’n



Volgens hom is sy personeel die grootste bate van sy onderneming. “Want,” sê hy, “die Leo Haese suksesverhaal is toe te skryf aan drie dinge: mense, mense en mense, in daardie volgorde.”

omset van meer as R100 miljoen vir volgende jaar begroot. Hy is steeds die enigste aandeelhouer.

Dit is ’n verhaal van sukses. As sakeman het Leo Haese ’n voordeel gehad met sy goeie akademiese agtergrond, maar as entrepreneur het hy daarin geslaag om daardie ekstra tree na sukses te gee.

En waaraan skryf hy sy sukses toe? “Aan drie dinge: mense, mense en mense, in daardie volgorde,” sê hy. Volgens hom is mense die grootste bate van enige onderneming. “My mense het die Leo Haese verhaal geskryf. Ek is maar bloot die dirigent – hulle is die spelers wat bepaal of die musiek gaan werk.”

Te oordeel aan sy bestuursfilosofie, word dit gou duidelik

“My een broer en drie susters het ook hier studeer. Tukkies lê ons almal baie na aan die hart,” sê mnr Leo Haese.

waarom Leo Haese 100 persent samewerking van sy personeel kry. “My filosofie is dat elke personeellid vir homself werk. Ek skeep slegs die omgewing waarbinne elkeen so effektief as moontlik kan presteer. ‘n Eie werkstrots is ‘n groot motiveerder,” sê hy.

Dit is ook vir hom belangrik om die regte mense aan te stel. Hy hou van positiewe mense – mense wat van uitdagings hou en wat binne hul werksmilieu sal groei. “Baie van my mense is entrepreneurs in eie reg,” sê hy.

Leo verduidelik sy definisie van ‘n entrepreneur: “‘n Kenmerk van ‘n entrepreneur is dat hy self-

vertroue en inisiatief moet hê. Hy moet glo in homself en in sy drome.”

Hy beskryf dit as iemand wat ‘n brandende begeerte het om bo uit te kom, iemand wat nie gaan lê as die eerste teenslag kom nie – iemand wat altyd ‘n stap verder gaan as die gewone man.

Volgens hom is ‘n entrepreneur nie ‘n spanman nie, hy is iemand wat bereid is om alleen sy nek uit te steek.

Kan ‘n mens entrepreneurskap aanleer? “Formele opleiding alleen is nie genoeg nie,” sê Leo, “want baie hang af van persoon-

likheid. ‘n Entrepreneur is iemand wat waag om te wen, iemand wat dinge positief aanpak en – in dr Rupert se woorde – een wat nog in wondere glo.” ■

‘n Betrokke oud-Tukkie:

Hy het besluit om as oudstudent iets terug te gee aan sy alma mater.

Leo Haese borg tans al die etensuurkonserte wat op die Tukkies-kampus aangebied word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
 FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE
OUDSTUDENTE : ADRESINLIGTING

Die Fakulteit wil graag kontak behou met al sy oudstudente*. As u ‘n oudstudent van hierdie Fakulteit is, wil ons graag u besonderhede ontvang. Voltooi asseblief hierdie vorm en stuur dit aan ons. Indien u ‘n adresverandering onder ons aandag wil bring, kan u ook hierdie vorm gebruik. Pos of faks dit aan:

Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, PRETORIA, 0002
 Faks: (012) 342-2431

Besonderhede van oudstudent:

Titel: Voorletters:
 Noemnaam:
 Posadres:

Datum:
 Van:
 Nooiensvan:
 Tel: (W) ()
 Tel: (H) ()

Geboortedatum:
 Graad of diploma aan Tukkies verwerf:
 1.
 2.
 3.

Studentenommer:
 Jaar verwerf:

Huidige werkgewer:
 Enige kommentaar:

Posbenaming:

* ‘n Oudstudent van die Fakulteit is iemand wat:
 ‘n BCom- of BAdmin-grad of ‘n diploma aan UP verwerf het; of een suksesvolle studiejaar aan UP voltooi het; of ‘n grad of ‘n diploma aan ‘n ander universiteit verwerf het, maar drie jaar of meer in diens van UP was.

U is welkom om mev Adri van der Merwe, Senior Skakelbeampte, by (012) 420-3328 te skakel indien u enige navrae het.

Personeelbestuur – 'n feesjaar wag

1994 gaan 'n baie spesiale jaar wees vir die Departement Personeelbestuur. Hulle beplan 'n stampvol verjaardag-program om die mondigwording van hul lankverwagte "baba", die BCom-(Personeelbestuur)-graadkursus, te vier.

Die opleiding van studente in Personeelbestuur het in 1973 begin. Personeelbestuur as vak is eers vanuit die Departement Sielkunde vir studente in die Fakulteit aangebied. Op 3 Januarie 1986, met die instelling van 'n onafhanklike Departement Personeelbestuur, het die Fakulteit egter ten volle voogskap vir dié "baba" aanvaar.

Soos 'n kind wat ontwikkel met liefdevolle aandag, het die BCom(Personeelbestuur) se studentegetalle van 448 in 1986 tot 735 in 1993 gegroei. "Hierdie toename van 61 persent is veral bewerkstellig deur middel van 'n doelgerigte program om die na-graadse komponent te versterk en die uitsette te verhoog met die behoud van standarde," sê prof Leo Vermeulen, Hoof van die Departement Personeelbestuur.

"Ons beplan 'n vol program vir die 1994-herdenkingsjaar. Die verjaardagprogram sal onder meer 'n reeks lesings insluit deur alumni-gassprekers asook 'n dinee waar-

by oudstudee, oudpersoneel en ander gaste betrek sal word," sê prof Vermeulen. Die beoogde veranderinge in die kursus-samestelling, graadbenaming en naamsverandering van die Departement sal tydens die dinee formeel bekend gemaak word.

"Oudstudee van die Departement Personeelbestuur word uitgenooi om hul besonderhede* aan ons deur te gee. Ons sal graag inligting oor die herdenkingsjaarprogram aan belangstelliges verskaf," sê prof Vermeulen. ■

(*Gebruik asseblief die oudstudee-adresinligtingsvorm op bl 32)

LEWER LEGENDARIESE DIENS

OPLEIDING GEE DIE DEURSLAG


WEN EN BEHOU:

- *kliënte*
- *klante*
- *pasiënte*
- *passasiers*
- *toeriste*



ONS OPLEIDING SLUIT IN:

- *motivering*
- *wat is vir my kliënt belangrik?*
- *moeilike kliënte*
- *ondersteun jou hoof en kollegas*
- *stem - & telefoon gebruik*
- *video opleiding en media hantering*



Gussie Schoeman

Sake- & Afrondingskool
Business & Finishing School

Seminare op versoek saamgestel, ook in Engels beskikbaar
Vir inligting, kursusdatums skakel nou TELEFOON OF FAKS: (012) 802-0830

MAAK GELD MET UITMUNTENDE DIENS

Pierre Viljoen – 'n man met visie

Dosente in bemarkingsbestuur beskryf hom as 'n man met visie en inisiatief: mnr Pierre Viljoen, 'n oudstudent van die Fakulteit, is iemand wat 'n groot bydrae gelewer het om Tukkies 'n leier op die gebied van bemarkingsbestuursopleiding te maak.

Sy visie...

In 1957, pas nadat hy sy MCom (Ekonomie)-graad aan Tukkies verwerf het, het Pierre Viljoen *Advert Advertising and Marketing* – die eerste reklame-agentskap in Pretoria – gestig.

“Ek het toe reeds geweet dat die toenemende nywerheidsontwikkeling en bevolkingsgroei ook groter koopkrag, en daarmee saam 'n groter behoefte aan bemarking, gaan meebring. En die groeiende bemarkingsbedryf het bloot net die behoefte aan kundige bemarkers onderstreep,” sê Pierre.

“Dit is toe dat ek besef watter groot leemte daar ten opsigte van bemarkingsbestuursopleiding in Suid-Afrika bestaan,” sê hy. Volgens hom was daar op daardie stadium by geen tersiêre inrigting gespesialiseerde opleiding in bemarking beskikbaar nie.

Sy inisiatief...

Pierre het dié leemte met prof Hennie Reynders, destyds Dekaan van die Fakulteit, bespreek. Hulle het hul versoek vir die daarstelling van bemarkingsbestuursopleiding aan UP goed gemotiveer. Die Universiteitsraad het dit in 1968 in beginsel goedgekeur – maar 'n belangrike voor-

waarde is daaraan gekoppel. 'n Bedrag van R150 000 moes ingesamel word om die instelling van 'n Leerstoel in Bemarkingsbestuur aan UP moontlik te maak.

“Om dié bedrag in te samel was maklik – maar net omdat ons 'n werwingskomitee gehad het wat gehelp het om dit te doen,” sê Pierre. Met die komitee se ywer en die bydraes van talle ondernemings het die skenkings op 31 Desember 1969 op R127 575 te staan gekom. Belangrike bydraes is gemaak deur Advert (R10 000), die Ford Motormaatskappy (R10 000) en die S A Suikervereniging (R14 000). In Februarie 1971 is die doelwit van R150 000 bereik.

Sy betrokkenheid...

“Dit was maar net die eerste stap. Om bemarkingsbestuursopleiding aan Tukkies 'n werklikheid te maak, was dit nodig om die kurrikulum saam te stel. Insette van bemarkers uit die praktyk was belangrik en daarom is 'n advieskomitee aangestel,” verduidelik hy.

Lede van dié advieskomitee was onder andere mnr Peter de Klerk, direkteur van Advert, mnr Peter Savory, bemarkingskonsultant van SAB en mnr Wally

Langschmidt, besturende direkteur van *Market Research Africa*. Pierre het as voorsitter van die advieskomitee opgetree.


In 1970 is die eerste bekleër van die Leerstoel in Bemarkingsbestuur, mnr Sieg Marx (tans professor en Dekaan van die Fakulteit) as senior lektor aangestel. Pierre Viljoen het as eksterne eksaminator opgetree vir mnr Marx se doktorsgraad, wat hy in Maart 1973 verwerf het. Dieselfde jaar is geskiedenis gemaak toe die eerste BCom(Bemarkingsbestuur)-grade aan 32 studente toegeken is.

Neem 'n mens in ag dat daar vandag meer as 2 000 kursusingeskrywings vir die vak Bemarkingsbestuur is, spreek die behoefte aan en gewildheid van hierdie opleiding vanself.

Sy ondersteuning...

Bemarkingsbestuursopleiding aan Tukkies is van die begin af op 'n internasionale vlak geplaas. Direk nadat die eerste studente gegradueer het, vertrek prof Sieg Marx vir ses maande oorsee om bemarkingsbestuursopleiding daar te ondersoek. Ook in dié verband het Pierre 'n belangrike rol gespeel. Hy het goeie kontak gehad met die internasionale

Hy het oor 'n tydperk van nege jaar R100 000 aan die Universiteit geskenk. Die Stephan en Pierre Viljoen stipendium sal gebruik word om internasionale blootstelling aan dosente in Bemarkingsbestuur te verseker.



7 Junie 1993: mnr Pierre Viljoen (regs voor) oorhandig die laaste deel van die stipendium aan die Dekaan, prof Sieg Marx (links voor). Agter hulle staan prof Gustav Puth (links), professor in Bemarkingsbestuur en prof Dirk van Rooyen (regs), Hoof van die Departement Bedryfsekonomie.

mark. Sy agentskap het in 1971 lid geword van een van die grootste advertensie- en bemarkingsmaatskappye in die wêreld – die *D'Arcy Mac Manus & Masius International Group*. In 1971 is hy ook verkies tot Direkteur van die Internasionale Raad van dié groep.

Pierre was die eerste Suid-Afrikaner om hierdie posisie by 'n internasionale advertensieagentskap te beklee. Met sy hulp was dit dus vir prof Marx moontlik om tydens sy besoek met toonaangewende bemarkers te skakel.

Sy filosofie...

Pierre se baanbrekerswerk het egter nie hier opgehou nie. Voortvloeiend uit sy persoonlike filosofie "Tour the world and 'steal' the best" en sy toekomsvisie, het hy ook in Februarie 1984 die Stephan

en Pierre Viljoen stipendium ingestel.

Die doel hiervan was om geleentheid te skep vir dosente in bemarkingsbestuur aan Tukkies om internasionale blootstelling te kan kry. Die aanvanklike bedrag wat hy aan die Universiteit van Pretoria bewillig het was R20 000, wat teen paaieimente van R5 000 per jaar opgebou sou word.

"Ek het egter gou besef dat dié bedrag heeltemal onvoldoende sal wees," sê Pierre. Daarom het hy besluit om die bedrag te verhoog tot R100 000 wat hy oor 'n tydperk van nege jaar in die fonds sou inbetaal.

Dit is nou nege jaar later. Pierre het op 7 Junie 1993 die laaste deel van die stipendium oorhandig om die kapitale bedrag oor R100 000 te staan te bring. En

hiermee maak hy die deure na die internasionale gemeenskap vir bemarkingsbestuurdosente aan Tukkies oop.

... 'n suksesverhaal.

Pierre Viljoen se visie in die sestigerjare het Tukkies werklik die leier in bemarkingsbestuursopleiding gemaak. Die Universiteit van Pretoria was die eerste universiteit in Suid-Afrika om 'n BCom(Bemarkingsbestuur)-graad aan te bied.


Tukkies het nie net voorsien in die opleiding van akademici in bemarkingsbestuur nie, maar het ook bemarkers vir die private sektor opgelei.

Mense soos dr Hennie Davel, Besturende Direkteur van Sentraal-Wes Koöperasie, dr Johan Bolt, Strategiese Direkteur van SBW-vennootskap; dr Johan van Deventer, Adjunkdirekteur van die Nasionale Varsprodukteraad, me Brenda Koorneef, Bestuurder, SAUK TV1 en vele ander kundige bemarkers, het almal hul opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang.

Tukkies speel steeds 'n leidende rol op die gebied van bemarkingsbestuursopleiding. In die tydperk 1973 tot 1990 het die Universiteit van Pretoria 850 BCom(Bemarkingsbestuur)-graduandi gelewer.

Dit is 'n wesenlike bydrae tot die opgeleide mannekrag en kundigheid van ons land – en 'n groot deel van dié suksesverhaal van Tukkies is te danke aan die inisiatief en visie van 'n lojale oudstudent, mnr Pierre Viljoen. ■

Staatsfinansies in goeie hande



“Een van die uitdagings wat wag, is om die integriteit van staatsfinansies te verseker in ’n omgewing wat enersyds meer vloeibaar gaan wees en andersyds groter stabiliteit gaan vereis,” sê dr Estian Calitz, nuwe Direkteur-Generaal: Finansies.

Ek onthou hulle toewyding. Die feit dat hulle voldag gewerk en saans kom klasdraf het, het geen afbreuk gedoen aan hul entoesiasme, dissipline en erns met hul studies nie. Trouens, ek glo dit is juis die doelbewuste besluit om hulle akademies beter te bekwaam, dikwels onder moeilike omstandighede, wat hulle so ’n karaktervolle groep gemaak het.”

Só gesels dr Calitz oor sy eerste kennismaking as dosent met Tukkies se buitemuurse studente.

“Ek het my BCom-graad, met Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde as hoofvakke – en

Dr Estian Calitz, oudstudent en -dosent van die Departement Ekonomie, is op 1 Oktober 1993 as die nuwe Direkteur-Generaal: Finansies aangestel. *Communiqué* het met hom gaan gesels oor sy herinneringe as oud-Tukkie en oor die uitdagings wat nou op hom wag.

later ook my MCom-graad in die Ekonomie – aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. In 1972 het ek Pretoria toe gekom om my loopbaan in die Ekonomiese Departement van die Suid-Afrikaanse Reserwebank te begin.”

“In Julie 1972 is ek as lektor in Ekonomie by die Universiteit van Pretoria aangestel. Dit is toe dat ek vir die eerste keer kennisgemaak het met die konsep van buitemuurse studie, soos dit by Tukkies aangebied word. Ek onthou dat ek as dosent veral beïndruk was met hierdie studente se toewyding,” vertel hy verder.

Dr Calitz het self ook aan Tukkies studeer. In 1975 verwerf hy die BCom(Ekonometrie)(Hons)-graad aan die Universiteit van Pretoria. Oor sy betrokkenheid by die Departement Ekonomie gesels hy ook lekker.

“Ek onthou ’n aangename kollegialiteit, ’n ingesteldheid op navorsings- en doseeraktiwiteite, ’n afspitsing op praktiese beleidsvraagstukke en ’n knap studentegemeenskap.” Só vat hy sy indrukke in ’n neutedop saam.

Met sy opleiding in die ekonomie en ekonometrie is dr Calitz voorbereid vir die nuwe pos wat hy van 1 Oktober vanjaar beklee. Trouens, staatsfinansies was die studieveld van sy doktorsgraad in Ekonomie wat hy in 1986 aan die US behaal het.

Selfs nadat hy in 1977 sy akademiese loopbaan vir ’n loopbaan in die staatsdiens verruil het, het dr Calitz steeds ’n noue band met die navorsings- en akademiese wêreld gehandhaaf.

Hy het onder meer vakkundige artikels, hoofsaaklik oor staatsfinansies, die lig laat sien en as eksterne eksaminator vir magister- en doktorsale studies opgetree.

Dr Calitz beskik verder ook oor hoëvlak ervaring op die terrein van ekonomiese beleid en staatsfinansies. Hy is in 1977 as Adjunkdirekteur in die destydse kantoor van die Ekonomiese Raadgewer van die Eerste Minister aangestel.

Sedertdien het hy verskeie poste in die staatsdiens op die gebied van ekonomiese beleids-

“Dit is belangrik om die verwagtings ten opsigte van veral sosiale dienste te probeer akkommodeer sonder om fiskale dissipline oorboord te gooi.”

analise en -advies beklee. As Hoofekonoom: Ekonomiese Advies by die Sentrale Ekonomiese Adviesdiens was hy nou betrokke by die formulering van ’n langtermyn ekonomiese strategie vir Suid-Afrika gedurende die laat tagtigerjare, en by die ontwikkeling van prosesse vir die bepaling van staatsbestedingsprioriteite.

Oor die uitdagings wat nou op hom as Direkteur-Generaal: Finansies wag, sê hy: “Dit is natuurlik altyd belangrik om goed gefundeerde fiskale beleidsvoering na te streef. Maar ek dink

daar is ook ’n besondere uitdaging wat wag. Ons land is tans in ’n proses van oorgang – op politieke en ekonomiese gebied. Die omgewing gaan dus enersyds meer vloeibaar wees en andersyds groter stabiliteit vereis. Ek glo verder dat dit veral belangrik gaan wees om die integriteit van fiskale beleid en staatsfinansies te verseker.”

Hy beklemtoon dat daar ’n balans moet wees tussen die volvoering aan die ontwikkelingsbehoefte van Suid-Afrika en die handhawing van fiskale dissipli-

ne. Hy verduidelik: “Dit is een van die grootste uitdagings: om die verwagtings ten opsigte van veral sosiale dienste te probeer akkommodeer en kanaliseer, sonder om fiskale dissipline oorboord te gooi.”

Hy sê dit is van deurslaggewende belang om die hele ekonomiese beleidsvoeringsproses se visier te stel op die bereiking van volgehoue ekonomiese groei, nie net as finansieringsbasis vir ontwikkelingsaktiwiteite nie, maar om sosiale en menslike ontwikkeling te beliggaam en te dien. ■

“Vir die meeste van ons is hierdie Fakulteit ons alma mater. Ons is trots daarop en ook op ons professionele verbintenis met die Universiteit van Pretoria.”

**Coopers
& Lybrand**

— Kobus Scheepers
Besturende Vennoot

Ons is ’n toonaangewende Suid-Afrikaanse firma van geoktrooieerde rekenmeesters en besigheidsadviseurs. Die firma verskaf ’n wye verskeidenheid audit-, rekeningkundige-, finansiële-, belasting- en besigheidsadviesdienste aan ons kliënte. Ons voeg waarde toe tot ons kliënte se besigheid. Plaaslik en internasionaal, meer as kennis – kundigheid.

Pretoria	(012) 322-1211
Kaapstad	(021) 946-1870
Johannesburg	(011) 498-4000
Bloemfontein	(051) 48-2356
Durban	(031) 304-4552
Port-Elizabeth	(041) 55-7091

**Besigheids-
oplossings**

Daar word gesê dat personeel die grootste bate van enige onderneming is. Kyk 'n mens na die nuwe aanstellings van personeel in 1993, is dit duidelik dat dié Fakulteit aansienlik “ryker” geword het. *Communiké* vertel 'n bietjie meer...

Ontwerp vir verandering

“Ons land is in 'n fase wat gekenmerk word deur groot politieke veranderinge. Besondere eise gaan dan ook aan die openbare sektor gestel word – en openbare amptenare moet opgelei word om die veranderinge te bestuur.”

Só gesels prof Chris Thornhill, wat op 1 Januarie 1993 as Direkteur van die nuutge-



“Tukkies is gereed om 'n betekenisvolle rol te speel in die opleiding van amptenare vir die nuwe Suid-Afrika,” sê prof Chris Thornhill, Direkteur van die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie.

stigte Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA) aangestel is.

Volgens prof Thornhill is die primêre oogmerk van SOBA om die openbare sektor op al drie owerheidsvlakke deur opleiding en deskundige advies te dien.

“Een van die belangrike kenmerke van SOBA is sy ingesteldheid op die eise en behoeftes van 'n veranderende Suid-Afrika,” sê hy.

Om by hierdie eise te kan aanpas ontwerp SOBA beroepsgerigte opleidingsprogramme.

“Ons het 'n verantwoordelikheid en 'n plig om amptenare vir die nuwe Suid-Afrika voor te berei,” sê hy.

Hy is self 'n oud-Tukkie. In 1968 verwerf hy sy MA- (Publieke Administrasie)

en in 1973 sy DPhil aan die Universiteit van Pretoria. Hy begin sy akademiese loopbaan in 1966 as deeltydse lektor en later as lektor in Publieke Administrasie aan UP. In 1982 word hy aangestel as professor en Hoof van die Departement Publieke Administrasie.


Prof Thornhill word in 1983 aangestel as Hoofdirekteur en later as Adjunk-direkteur-generaal van die Departement Plaaslike Regering en Nasionale Behuising.

Hy is nou weer terug by sy alma mater – met 'n belangrike taak wat wag.

Met die instelling van formele en informele opleidingsprogramme, die aanstelling van 'n advieskomitee en die uitbouing van goeie verhoudinge, verleen prof Chris Thornhill steeds verdere momentum aan SOBA.

Reken op navorsing

“Ek sou graag wou sien dat, terwyl die strewe na uitnemende onderrig nie verwaarloos word nie, navorsing veral gestimuleer sal word.”



Reken maar daarop: Prof Quintus Vorster, Hoof van die Departement Rekening- en Ouditkunde, het groot toekomsplanne vir die belangrike taak wat op hom wag.

Aan die woord is prof Quintus Vorster, wat op 1 September 1993 as Hoof van Departement Rekening- en Ouditkunde aangestel is.

Die uitbouing van die Departement se navorsings-aktiwiteite is 'n doelwit wat hom baie na aan die hart lê.

Hy is van mening dat die voorgestelde herstrukturering van Rekeningkundige Wetenskappe die Universiteit in 'n unieke posisie sal plaas om hierdie doel te bereik, “veral met ons nuutgestigte navorsingstydskrif, *Meditari*,” sê hy.

Prof Vorster het sy voorgraadse studies aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS) voltooi.

Daarna het hy 'n MCom-grad (1983) en 'n PhD (1986) aan die US verwerf. Gedurende 1973 tot 1979 was hy as 'n geoktrooieerde rekenmeester in Bloemfontein werksaam. Hy begin sy akademiese loopbaan in 1980 met 'n aanstelling as senior lektor in Rekeningkunde aan die UOVS. In 1982 sit hy sy loopbaan voort aan die US, waar hy tot professor vorder.

Prof Vorster het in 1991 kom aansluit by Tukkies se wenspan, toe hy as professor in Finansiële Rekeningkunde by die Skool vir Rekenmeestersopleiding aangestel is. Hy bekleed dié pos tot en met sy huidige aanstelling as hoof van Tukkies se Departement Rekening- en Ouditkunde.

Toerisme – 'n toekomsbedryf

“Suid-Afrika is 'n toeristeparadys. Die toerismebedryf kan die grootste verdieners van buitelandse valuta word. Wanneer dit gebeur, gaan daar 'n groot behoefte aan genoegsame hoëvlak mensekrag vir dié bedryf wees.”



Prof Johan Fourie van die Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur sê: “Die behoefte aan opgeleide mensekrag vir dié bedryf gaan toeneem.”

Só gesels prof Johan Fourie, wat sedert Februarie vanjaar permanent aan Tukkies se Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur verbonde is.

Prof Fourie het groot planne met die Leerstoel. “Daar is 'n tekort aan opgeleide mensekrag in die bedryf, veral op die middelbestuursvlak. Die opleidingsrol van die Leerstoel is dus eintlik 'n roeping op sigself,” sê hy.

Opleiding is egter nie al wat hy as bekleër van die Leerstoel vir die toekoms beoog nie. Volgens hom is

substantiewe navorsing oor die toerismebedryf in Suid-Afrika, nouer betrokkenheid by die opleiding van entrepreneurs vir die eko-toerismebedryf en 'n konsultasiediens ook op die spyskaart.

Tukkies lê hom baie na aan die hart. Hy het onderskeidelik die grade BA (1971), BA(Hons) (1972) en die MA (1973) – met stedelike ekologie as studieveld – aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy was ook van 1971 tot 1979 as lektor in die Departement Sosiologie aan die Universiteit verbonde. In 1978 het hy 'n prestasiebeurs van die RGN ontvang om in

Prof Fourie het vroeër vanjaar tydens 'n oorsese studietoer verskeie hotelskole en universiteite in die buiteland besoek. "Tukkies se opleiding vergelyk uitstekend met die beste in die wêreld. Ons BCom(Hotel- en Toerismebestuur)-graad is uniek in dié sin dat ons nie net bestuurders oplei nie, maar dat die praktiese komponent van die graad ons studente ook voorberei vir die eiesoortige eise wat die bedryf aan hulle gaan stel," sê hy.

"Tukkies se opleiding vergelyk uitstekend met die beste in die wêreld."

Amerika te studeer. Daar het hy 'n kursus in *General Systems Analysis* met lof geslaag.


Sy betrokkenheid by die privaatsektor, veral die hotel- en spyseniersbedryf, het in November 1979 begin toe hy as Direkteur by die Apex Opleidingsraad aangestel is. As Direkteur by die Toerisme- raad, 'n pos wat hy van Julie 1987 bekleë het, was hy onder

meer in beheer van hotelstandaarde in Suid-Afrika.

In Julie 1988 is hy as uitvoerende direkteur by die *Hospitality Industry Training Board*, die opleidingsraad van die hotelbedryf, aangestel. Hy kén dus die bedryf – en met sy ervaring sal Tukkies-studente voorberei word vir die eiesoortige eise wat dié bedryf aan hulle gaan stel.

Baanbrekers in bestuursopleiding

"In vergelyking met ander lande het Suid-Afrika 'n groot tekort aan opgeleide bestuurslui. Om met lande soos Australië en Kanada te kan vergelyk, moet ons aantal opgeleide bestuurslui onderskeidelik verdubbel en vervierdubbel."



Die man aan die stuur van sake – prof Nic Alberts, Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool.

Só som prof Nic Alberts, wat sedert 1 Mei 1993 as nuwe Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool aangestel is, die noodsaaklikheid van bestuursopleiding op.

Prof Alberts, wat eers as Adjunkdirekteur: Opleiding aan die Nagraadse Bestuurskool verbonde was, is seker daarvan dat sy personeel 'n wesenlike bydrae op dié gebied kan maak.

"Die Nagraadse Bestuurskool het 'n trotse geskiedenis. Tukkies was een van die eerste universiteite buite die VSA wat met nagraadse bestuursopleiding begin het – en ons baanrekord wys dat Tukkies steeds baanbrekerswerk in bestuursopleiding doen," sê hy.

Volgens prof Alberts is veral twee mylpale vanjaar bereik, naamlik die herkur-

rikulering van die MBA-kursus en die instelling van die vak Omgewingsbestuur.

"In die 'nuwe' MBA-program word groter klem geplaas op entrepreneurskap, tegnologiebestuur en omgewingsbestuur. En met die instelling van die vak Omgewingsbestuur word verseker dat ons nagraadse opleiding tred hou met eietydse bestuursprioriteite," sê hy.

As oudstudent is sy nuwe aanstelling by sy alma mater ook 'n persoonlike mylpaal. Hy het onderskeidelik 'n BA- (met Sielkunde), 'n MA- (met lof) en DPhil-graad aan UP verwerf. In 1979 het hy ook die MBL-graad met lof aan Unisa verwerf.

Prof Alberts is reeds sedert 1986 as professor in Mannekragbestuur en Arbeidsverhoudinge aan die Nagraadse Bestuurskool verbonde. ■

The new generation


In 1991 he passed his MCom(Business Management) degree with honours, in 1992 he was elected the most exemplary post graduate student in the Department of Business Economics and in 1993 he received a bursary as merit award for doctoral studies and research in the USA. He is 26 years of age.

His name: Robert John van Eyden, senior lecturer in the Department of Business Economics and one of the young, upcoming academics in the Faculty of Economic and Management Sciences.

In 1984 Robert van Eyden matriculated at the Pretoria Boys High School. Now, a mere nine years later, he is on the brink of a brilliant academic career.

He obtained his BCom and BCom(Business Economic)-(Honours) degree at the University of Pretoria. The title of his MCom dissertation, which he passed with honours in 1991, is: *The application of certain technical analysis techniques to determine the future market price of shares on the Johannesburg Stock Exchange (JSE).*

Robert has a special interest in share portfolios, not only in theory, but also in practice. He obtained his stockbroker's licence in 1991, which enables him to implement his expertise on invest-



At 26 years of age, Robert van Eyden has done more than his "share."

ments, financial statements and taxation on the JSE.

He is also responsible for a weekly financial column in one of the leading newspapers, in which he frequently forecasts share prices. Robert also does more than his "share" in the academic field. He has already published five articles in referenced subject

journals. Moreover, he has a lively interest in computers, a fact to which his numerous computer training certificates bear testimony.

He has successfully combined his two favourite subjects for his doctoral studies. Robert is currently working on his DCom-(Financial Management) thesis

Robert has a special interest in share portfolios, not only in theory, but also in practice.

entitled: *The application of neural networks to project share prices on the Johannesburg Stock Exchange.*

Earlier this year he spent five months in the USA, where he conducted research on a number of neural networks under the mentorship of the renowned Prof Mark Fishman of the University of South Florida and Eckerd College. During his stay in the USA he also presented a number of lectures on this subject.

A look at the number of societies of which he is a member,

immediately shows where his interests lie. Robert is a member of the Investment Analysis Society (SA), the Market Technicians Association (USA), the Institute of Scientific Managers (USA), Lions International and the Aircraft and Pilots Association in the USA.

His membership of the last-mentioned society may at first glance appear strange, but it clearly indicates his versatile interests. Robert van Eyden's interests are much wider than the academic world. He has a private pilot's

licence and loves to literally break away. He also regards community service as a priority, and as a member of Lions International he can contribute in this field, where he does more than his share. In acknowledgement of his services to the community he received the Lions International award in 1992.

His promoter, Prof Piet de Wit states: "Robert is continuously busy assembling new knowledge and improving his expertise. It is amazing to see what he has achieved at 26 years of age." ■


AS TYD GELD IS,
HOEVEEL
MORS JY?

As jy jou eie besigheid het, is tyd en geld belangrik. NedTex sal vir jou tyd én geld bespaar en jou volle beheer oor jou finansies gee.

Met 'n PR wat aan Beltel gekoppel is, kan jy tot al jou Nedbank-rekenings toegang verkry. Daardeur kan jy tot 65 dae se staatrekords aflaai, rekenings betaal, tjekboeke bestel, geld tussen rekenings oorplaas en selfs toegang tot wisselkoerse verkry.

Jou elektroniese oplossing vir finansiële bestuur. Vir meer inligting, skakel 0800-110929 tolvry.


INTELLIGENTE ELEKTRONIESE BANKSAKE



OGILVY & MATHER, RIGHTFORD, SEARLE-TRIPP & MAKIN 621751

Hulde aan 'n uitstaande vakwetenskaplike

Prof Frans Steenkamp, oud-dosent en voormalige Hoof van die Departement Bedryfsekonomie, is op 8 Junie 1993 oorlede. As akademikus en persoonellid het hy 'n wesentliche bydrae tot die Departement en die Fakulteit gemaak.



'n Bekende oudstudent van prof Steenkamp, dr Basjan Kleu, het tydens die gedenkdiens op 11 Junie 1993 die huldebetuiging gelewer. 'n Verkorte weergawe hiervan word geplaas:

“Dit is vir my 'n groot eer om vandag hulde te bring aan 'n merkwaardige man.

Willem Francois Joubert Steenkamp is gebore op 17 April 1905 in Ermelo. Hy het grootgeword op 'n plaas naby die Swazilandse grens. Van 1924 tot 1929 dien hy in die redaksie van *Die Volkstem* in Pretoria.

Hoewel hy 'n steunpilaar van *Die Volkstem* en 'n vertroueling van generaal Smuts geword het, het die jong Steenkamp hom in 1929 by *Die Burger* in Kaapstad

aangesluit, waar hy tot nuusredakteur gevorder het. Gedurende die Kaapse dae is hy getroud met Margaretha Hamman van Franschoek.

Hoe hoog Steenkamp deur die Nasionale Pers aangeslaan is, blyk daaruit dat hy later die hoofbestuurderskap van dié groep aangebied is. Teen daardie tyd het hy egter reeds die akademie as werkterrein gekies.

Van 1932 tot 1937 het hy aan die *Economische Hogeschool* in Rotterdam studeer waar hy binne twee jaar die kandidaatseksamen en daarna ook die doktorsale eksamen met lof afgelê het.

Prof Steenkamp was vanaf 1938 tot 1948 hoogleraar in bedryfsekonomie aan die Universiteit van Pretoria, waar hy hom onderskei het as die grondlegger van bedryfsekonomie as selfstandige vak aan Suid-Afrikaanse universiteite. Later in sy loopbaan was hy ook dosent in ekonomie en bedryfsekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Laasgenoemde universiteit, sowel as die Universiteit van Pretoria, het hom vir sy prestasies op ekonomiese gebied beloon met 'n eredoktorsgraad. Van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het hy die Stalsprys vir Ekonomie ontvang.

Wat 'n mens altyd geïmponeer het van sy werk as dosent, was die besondere ordening daarvan. Sy voorlesings was gekenmerk deur 'n sistematiese indeling en aanbieding. Dit was maklik om die bedryfsekonomie te bestudeer aan die hand van sy sistematiese

Sy aktiwiteite was gekenmerk deur 'n onverskrokke soeke na die waarheid en 'n strenge nastrewing van beginsels.

voorlesings. Dit beteken egter nie dat dit vir almal maklik was om in sy kursusse te slaag nie, want sy standarde was besonder hoog.

Sy groot invloed op die akademiese lewe in die algemeen blyk daaruit dat die Senaat van die Universiteit van Pretoria hom in 1948 as rektor genomineer het. Ongelukkig het die Raad van die Universiteit hierdie nominasie met 'n skrale meerderheid verwerp.

Prof Steenkamp het 'n groot invloed uitgeoefen as ekonomiese adviseur van die staat, eers as Adjunkvoorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid en daarna as Voorsitter van die Loonraad,

waar hy een van die RSA se vasstaande arbeidsdeskundiges geword het.

Prof Steenkamp was 'n veelsydige man, soos blyk uit die verskeie aktiwiteite wat hy te midde van sy akademiese en ander verpligtinge uitgevoer het.

Hy het sy besondere liefde vir die Afrikaanse taal en kultuur uitgeleef deur sy lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en sy redakteurskap van die Ekonomiese Woordboek van die Akademie, wat nou hersien word onder die titel *Ekonomiese en Bedryfswoordeboek*. Dit was sy vurige begeerte om

hierdie laaste taak in diens van die Afrikaanse taal te voltooi. Ongelukkig was dit hom nie beskore nie, maar die redaksionele komitee sal wel dié taak volvoer.

Op al die talryke terreine waarop prof Steenkamp beweeg het, was sy aktiwiteite gekenmerk deur durf, deur 'n onverskrokke soeke na die waarheid en 'n strenge nastrewing van beginsels.

Vir ons as oudstudente, kollegas en vriende is daar veel besieling te put uit sy vrugbare en ryk geskakeerde lewe." ■

- Sebastian Kleu
11 Junie 1993

'n Mens om te onthou

"Hy is 'n mens met integriteit, iemand met 'n ingebore hofflikheid en 'n fyn humorsin. Sy bedagsame en stylvolle optrede sal my altyd bybly."

Só gesels mev Isabel van der Walt, sekretaresse in die Departement Rekening- en Ouditkunde, oor haar voormalige hoof saam met wie sy jare lank gewerk het. En almal van ons wat hom ook ken, sal weet hoe ráák haar beskrywing van prof Gerrit van N Viljoen is.

Prof Viljoen het op 31 Julie vanjaar, 28 jaar nadat hy sy eerste pos hier aanvaar het, afgetree. Sy verbintenis met die Universiteit

van Pretoria strek egter veel verder. Hy is ook 'n oudstudent – hy het onderskeidelik die grade BCom(Rek) (1956); MCom(Rek) (1959); MBA (1961) en DCom(Rek) (1979) aan Tukkies verwerf.

In 1966 het hy sy loopbaan by die Departement Rekening- en Ouditkunde as senior lektor begin. Hy is in 1974 bevorder tot mede-professor en in 1975 tot professor in en Hoof van die Departement. Prof Viljoen het gedurende 1986 voltyds as Dekaan waargeneem. Na die aanstelling van prof Koos Stadler het hy steeds – tot 31 Julie 1993 – as plaasvervangende Dekaan van die Fakulteit opgetree.

Gesels 'n mens met sy eertydse personeel, word hulle waardering vir prof Viljoen duidelik. Hulle is dit eens dat sy vakkundige bydraes, veral sy publikasies op die vakgebied, nie gering geskat kan word nie. Maar volgens hulle het hy ook 'n ander belangrike bydrae gelewer. "Vir hom was niks ooit te onbenullig of te veel moeite om vir sy personeel of studente te doen nie," sê die een. "Hy was vir ons 'n inspireerder, motiveerder en vaderfiguur – iemand na wie almal opgesien het vir raad en leiding," sê 'n ander.

Deur só na hulle te luister, besef 'n mens gou: Gerrit Viljoen is werklik 'n mens om te onthou. ■

J.L. VAN SCHAIK AKADEMIES

DIE UITGEWERY WAAROP U KAN REKEN

*O*m stylvolle en keurig versorgde boeke volgens die jongste tegnieke en teen mededingende pryse te publiseer, stel besondere hoë eise aan 'n akademiese uitgewery.

J.L. van Schaik Uitgewers (waarby Academica ingelyf is) is goed toegerus om aan al dié eise te voldoen, en sy uitgebreide en steeds groeiende lys van publikasies getuig daarvan. Sy sukses kan toegeskryf word aan jarelange ervaring van boeke maak, persoonlike en kundige leiding en ondersteuning aan outeurs, toegewyde vakmanskap, waagmoed en, veral, 'n onkreukbare integriteit. Na agt dekades as toonaangewende uitgewers is dié benadering vandag vir ons belangriker as ooit.

TITELS IN DIE EKONOMIESE EN BESTUURSWESE

The ABC of Financial Management: for non-financial managers
FCH Lovemore en LM Brümmer

The communicating manager
G Puth

Bedryfseconomie: Riglyne vir ondernemingsbestuur
S Marx, DC van Rooyen en HJJ Reynders

Business Economics: Guidelines for business management
S Marx, DC van Rooyen and HJJ Reynders

Die Suid-Afrikaanse arbeidsmark: Kritieke aspekte vir 'n oorgangsfase
FS Barker en W Backer

The South African labour market: Critical issues for transition
FS Barker

Managing transition: New ways of thinking about your business
Ruth Tearle

Understanding the South African macro-economy
N Barnardt and J du Toit

Verstaan die Suid-Afrikaanse makro-ekonomie
N Barnardt en J du Toit

Sake-etiek in die praktyk
W Esterhuyse

Basiese makro-ekonomie
F van den Bogaerde en L Fourie

Finansiële bestuur
IJ Lambrechts

Boerderybestuur: Finansiële beplanning, ontleding en beheer
MJ van Reenen en A de K Marais

Farm management: Financial planning, analysis and control
MJ van Reenen and A de K Marais



J.L. VAN SCHAIK
UITGEWERS
ARCADIASTRAAT 1064, HATFIELD 0083
TEL: (012) 342 2765 FAKS: (012) 43 3563

NAVRAE:
Tree asseblief met
mev Mary Ann Foster
in verbinding.

NUWE MANUSKRIPTE VIR
PUBLIKASIE:
Skakel mev Linette Downes,
hoof van die akademiese afdeling.

Baanbrekers met boeke

Personeel van die Fakulteit lewer jaarliks 'n belangrike bydrae tot die daarstelling van Suid-Afrikaans-gerigte handboeke. Baanbrekerswerk word veral gedoen met die beskikbaarstelling van handboeke in Engels.

Communiké fokus op enkele van die nuwe boeke wat vanjaar verskyn het:



A guide to better business management

The English version of the pioneering work, *Inleiding tot die Bedryfseksonomie*, is now available. The textbook, *Business Economics: guidelines for Business Management*, makes a valuable contribution to the science of Business Economics.

It serves as a solid introduction for students in Business Economics as a normative and applied science, but also offers much needed and essential information to businessmen, business economists and business managers.

The text focuses on the characteristics, establishment and management of an enterprise. It comprises five sections: scanning the field of study, the characteristics, establishment and


management of an enterprise and Business Economics in perspective.


The authors are Prof Siegfried Marx, Dr Hennie Reynders and Prof Dirk van Rooyen. This book is published by J L van Schaik.

Bestuur jou mark

Die tweede uitgawe van die boek, *Bemarkingsbestuur*, is nou beskikbaar. Dié hersiene uitgawe behels 'n meer omvattende beskouing tot bemarkingsbestuur in die lig van ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Die boek is primêr gerig op voor- en nagraadse opleiding, maar praktiserende bemarkers sal dit ook nuttig vind in die beoefening van hul beroep. Elke hoofstuk is toegelig met gevallestudies en praktykgerigte vrae.





Die Engelse weergawe van hierdie boek is ook vanjaar vrygestel. Die outeurs is proff Sieg Marx en Annemarie van der Walt. Hierdie boek word deur Juta uitgegee.

A contemporary situation

In the revised edition of *Public Administration in Contemporary South Africa – A Southern African Perspective* published in 1993, note is taken of recent developments in South African public administration.

Special attention is given to the areas of normative factors, bureaucracy, control and arrangements in a post-industrial society.

The authors of the book, Proff S X Hanekom and Chris Thornhill, endeavour to relate recent developments in South Africa to basic theories and philosophies.

To this extent this is a valuable textbook in the search for a framework within which a new system of public administration could be developed. The book is published by Southern Book Publishers (Halfway House).

Training in public management

A guideline for English-speaking students in Public Administration and Management is now available. The book, *Public Administration and Management*, makes an important contribution to the training of public officials.

As a variety of subjects amalgamated into a single guide, this book can serve as a useful orientation to the subject matter.




The authors are Proff Paul Botes, Petrus Brynard (co-ordinator), Dr David Fourie and Dr Nico Roux. The book is published by De Jager-HAUM Publishers (Pretoria).

Besigheidsreg vir Jan-Alleman

Die handboek, *Basiese Beginsels van die Suid-Afrikaanse Besigheidsreg*, is hoofsaaklik gemik op studente wat nie in die regte as sulks studeer nie, maar wat wel sekere basiese regsbeginsele onder die knie moet kry. Dié boek bied 'n minder omvangryke en meer bekostigbare handleiding aan neregstudente.

Basiese beginsels oor die volgende onderwerpe word onder meer aangespreek: Algemene kontraktereg, Koopreg, Huurreg, Kredietooreenkomste, Werkaannemingsreg, Maatskappyereg, Beslote Korporasies, Insolvensiereg en Arbeidsreg.

Prof Chris Nagel is die redakteur. Hierdie boek word deur Lex Patria Uitgewers uitgegee. ■



Ekonomiese probleme én oplossings

Ontwikkeling in Suider-Afrika en die wêreldekonomie: dit was die tema van 'n internasionale konferensie wat op 11 en 12 Oktober 1993 op die Tukkie-kampus aangebied is. Wat hierdie tweejaarlikse konferensie van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika vanjaar “anders” gemaak het, was die teenwoordigheid van wêreldbekende internasionale ekonome, soos prof Lawrence Klein en prof Sam Asante.



Nobelprijswenner, prof Lawrence Klein: tydens die konferensie van die Ekonomiese Vereniging wat vanjaar by UIP aangebied is, het hy die probleme wat ekonomiese ontwikkeling in Afrika raak, bespreek en moontlike oplossings voorgestel.

Prof Lawrence Klein, 'n Nobelprijswenner in die vroeë tagtigerjare vir sy bydrae tot ekonometriele modelbou en ekonomiese vooruitskatting, het die hoofrede tydens die konferensie gelewer.

Die tema van sy referaat was: *African economic development: situations and prospects*. Prof Klein is as professor in Ekonomie verbonde aan die Universiteit van Pennsylvania in die VSA.

'n Verteenwoordiger van die Verenigde Volke (VVO) se Ekonomiese Kommissie vir Afrika

het ook deelgeneem. Hy is prof Sam Asante van Addis Ababa, Koördineerder: Suider-Afrika Lessenaar van die VVO.

Prof Asante het aan 'n paneelbespreking deelgeneem wat gehandel het oor *Structural adjustment – lessons and prospects*.

Daar was ook 'n hele aantal ander deelnemers uit Afrika, Europa en die VSA. Genooide referate is verder gelewer deur dr Bax Nomvete van die Afrika-Instituut vir Beleidsanalise, Universiteit van Kaapstad en prof Bob Klitgaard van die Universiteit

van Natal. Hulle het onderskeidelik *Regional development and economic cooperation* en *Better states, better markets* bespreek.

Mnr Gerrie Breyl, Adjunk-direkteur-generaal, Departement Handel en Nywerheid en dr Peet Strydom van Sankorp het saam met prof Asante die paneelbespreking oor *Structural adjustment – lessons and prospects* behartig.

Die konferensie is bygewoon deur professore, hoofde van departemente, akademië en hoë bestuurslui in die private en semi-private sektor.

'n Wye reeks ekonomiese probleme wat die ontwikkeling in Suider-Afrika en die wêreld-ekonomie raak, is bespreek en oplossings is voorgestel.



Prof Lawrence Klein (regs) tree op as leier van 'n projek om wêreldhandel vooruit te skat. Prof Geert de Wet, Hoof van die Departement Ekonomie, is ook betrokke by dié projek. Hy lewer vooruitskattings oor die Suid-Afrikaanse ekonomie.

'n Wye reeks ekonomiese probleme wat die ontwikkeling in Suider-Afrika en die wêreld-ekonomie raak, is bespreek en moontlike oplossings is voorgestel.

Prof Lawrence Klein het sy hoofrede oor die belangrikheid om ekonomiese ontwikkeling in Afrika aan te wakker, afgesluit met 'n verwysing na die toeneemende aansprake wat gemaak word op die wêreld se finansiële kapitale reserwes.

Volgens hom word dit vir Afrika-lande al hoe moeiliker om genoeg kapitaal te bekom om hulle in staat te stel om die ekonomiese agterstand in Afrika uit te wis. In die lig hiervan – en as 'n

voorstel om hierdie probleem te oorbrug – het prof Klein afgesluit met die volgende woorde:

“They [African nations] should, however, aim high and try to be as good hosts as possible for international investment. They should seek equity rather than debt financing on a large scale. For equity financing, they must adopt a positive attitude towards foreign investment, even allowing for some degree of majority control by foreigners, convertibility, and repatriation of earnings. The key factor that must be taken into consideration is technology transfer, and in order to acquire this, some economic concessions will have to be made.” ■

Universiteit van Pretoria Departement Ekonomie

Het u gedink om een van die volgende te word?

Ekoonom

Ekonomiese Voorspeller

Bankier

Bekwaam uself vir die **SKAARS BEROEPE** van die toekoms deur die uitdagende en dinamiese kursusse van die Departement te volg op voor- en veral nagraadse vlak in

Ekonomie

Ekonometrie

Bankwese

Top vakspesialiste van binne en buite SA word by lesingaanbiedings betrek en u kan in u nagraadse studies inskakel by 'n sterk navorsingspan

Wil u navorsing oor iets laat doen?

Die Departement met sy navorsingarm (BEPa) is wyd bekend vir sy navorsing op alle terreine van die ekonomie

Kontak die Departement Ekonomie
by tel: (012) 420-2413 vir nadere besonderhede

Back to the future

Twenty three years ago the United Nations, in its 1970 plan for the decade, wrote: "Computers will play an increasingly important role in developing countries which intend to participate in the world economy in ways other than the supply of raw materials. Developing countries will find computers a necessary ticket of admission."



"Information technology has indeed become the new driving force in the 1990's – not only as a ticket of admission to an information intensive global economy, but also to socio-economic growth," says Prof Dewald Roode, Head of the Department of Informatics.

Earlier this year he delivered a paper, entitled *Information technology and socio-economic development in South Africa*, at an international conference in Maastricht, The Netherlands.

The *Husita conference on information technology and the quality of life and services*, held from 15 to 18 June 1993, was the first international conference to address the important issue of the influence of information technology on the quality of life and services.

In his paper Prof Roode explored the current situation in South Africa with respect to the application and use of information technology for socio-economic growth: "Even though I did highlight the areas of achievement, I tried to focus on the areas where little progress has been made so far."

He also described the elements of a national strategy, which had been developed as part of a nationwide project to address some of these shortcomings.

"In this strategy," he explains, "the focus is not on the increase in industrial productivity which could be achieved through information technology. It rather focuses on information technology as an instrument to empower the poor and their organisations with information, skills and opportunities to participate actively in their own upliftment and development."

This issue was also recently addressed in a report prepared by the *Working Group for technology supported education and training*. Prof Roode chaired this Working Group, which investigated the ways and means in which technology can be used to support education and training in South Africa.

Prof Roode says: "While there is agreement that technological support for education and training should seriously be considered, it is not entirely clear exactly what role technology could or should play. In general, it is accepted that technology should

be seen in a supportive role, supplementing the traditional and primary functions of the teacher."

According to Prof Roode, the affordability of technology-supported education and training is an important consideration.

"It is common knowledge that basic infrastructure, such as buildings and desks, often do not exist. This makes it difficult to envisage supplying technology support in these cases. But then it is also equally true that infrastructure alone will not ensure an acceptable basic education," he says.

Information technology will play an increasingly important role in supporting education and training services. And, according to Prof Roode, all students – especially the educationally disadvantaged – will benefit from these services.

They will acquire life skills and skills which will enable them to find employment or to be independently economically active. The education provided should equip people to cope with the demands of the modern technologically oriented world. ■

Die voordele van samesamewerking



“**O**ns is oortuig daarvan dat die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die Universiteit van Pretoria oor die kundighede en vaardighede beskik om aktief betrokke te raak by die huidige en toekomstige onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens van die *Universidade Eduardo Mondlane*.” Dit is die gevolgtrekking van prof Sieg Marx, Dekaan, na afloop van die UP-afvaardiging se besoek aan dié Universiteit in Maputo.

Die afvaardiging, wat Maputo in Januarie besoek het, het bestaan uit prof Sieg Marx, prof Geert de Wet, Hoof van die Departement Ekonomie en prof Quintus Vorster, toe nog professor verbonde aan die Skool vir Rekenmeestersopleiding. Met hierdie besoek is verdere momentum gegee aan die samesamewerkingsooreenkoms wat vroeër tussen die twee universiteite gesluit is.

“Ons het gesprekke gevoer met lede van die Direktoraat van daardie Universiteit se Fakulteit Ekonomie. As ’n eerste vertrekpunt is verskeie terreine van moontlike samesamewerking, wat tot voordeel van beide partye kon strek, geïdentifiseer,” sê prof Marx.

Hy noem enkele voordele: “Doserende personeel van UP kan spesiale modules van kursusse daar gaan aanbied, mits die taalprobleme oorkom kan word. Só ook kan van daardie personeel weens hul besondere kennis,

Die grootste voordeel is: dit lei tot die uitbreiding van kennis – tot voordeel van die breër gemeenskap.

veral in die ekonomiese ontwikkeling, by Tukkies se vakkursusse betrek word. Ons Fakulteit kan verder, benewens volle studiegeleenthede, ook junior dosent- of deelytdse poste aan die personeel van die Eduardo Mondlane Universiteit bied. Dit sal hulle in staat stel om ervaring op te doen in Tukkies se onderrigprogramme terwyl hulle vir ’n graad studeer.”

Prof Marx wys daarop dat die voorgestelde samesamewerking tussen die twee universiteite nie beperk word tot onderrig nie: “Binne die spektrum van gemeenskapsdiens kan beide universiteite saam kortkursusse en sertifikaatprogramme in die ekonomiese en bestuurswetenskappe in Maputo aanbied.”

Navorsers van die twee Fakulteite kan ook saamwerk in die daarstelling van navorsingsprogramme wat deur beide partye geïdentifiseer kan word. “Ons Departement Ekonomie wil graag saamwerk met ekonometrici van die Eduardo Mondlane Universiteit, veral op die gebied van ekonomiese modelbou en ander navorsingsterreine, insluitend ekonomiese ontwikkeling,” sê hy.

Die Eduardo Mondlane Universiteit het ’n wesenlike behoefte aan toegang tot die nuutste en internasionale vakliteratuur. Hoewel die langtermynbeplanning ’n uitruilingsprogram tussen dié twee universiteitsbiblioteke behels, het die Nagraadse Bestuurskool ’n plan beraam om oor die korttermyn reeds op hierdie terrein behulpzaam te wees.

Prof Nic Alberts, Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, vertel meer: “Tydens die opvolgbesoek wat die Direktoraat van die Eduardo Mondlane Universiteit in Maart vanjaar aan Tukkies gebring het, het die Nagraadse Bestuurskool ’n aantal bestuursgerigte boeke aan dié afvaardiging geskenk. Al die dosente het bygedra tot hierdie versameling boeke – as simboliese teken van welwillendheid en goeie samesamewerking.”

In sy toespraak tydens die oorhandiging het prof Alberts gesê: “Our guests are requested to deliver these books at the library of their university, where more students could gain knowledge and insight from them.”

En hierin is moontlik die grootste voordeel van só ’n samesamewerkingsooreenkoms geleë: dit lei tot die uitbreiding van kennis en die vestiging en verstewiging van die ekonomiese en bestuurswetenskappe – tot voordeel van die breër gemeenskap. ■



Manage the future

The University of Pretoria remains in pace with the requirements and changing demands of society, also with regard to the training of managers for the private and public sector.

... in private ...

The backlog with regard to trained managers in South Africa in relation to many other developed countries, is well documented. According to Prof Nic Alberts, Director of the Graduate School of Management, there is currently one manager for every 40 employees, while "the ideal is between 1 to 8 and 1 to 15."

Prof Alberts elaborates more on how the Graduate School of Management remains in pace with the increasing need for trained managers: "We are future oriented with regard to our management training. One way in which we can meet the challenges of the future, is to revise existing courses. The restructuring of our MBA programme was recently completed."

In the "new" MBA programme the emphasis is placed more on entrepreneurial skills, technology management and environmental management.

He also mentions that the full-time MBA programme, which is presented on a block-week basis over a period of two years, offers greater opportunity to more people to undergo formal training. The expansion of the language medium in the MBA programme increases the opportunities for potential managers. "The full-time MBA programme has already been presented in English since the start of 1993, while the part-time programme is still presented in Afrikaans," says Prof Alberts.

To ensure that the management training of Tuks remains internationally competitive, will require more than exposing students to international and multi-national tendencies. "For this reason," says Prof Alberts, "we pay special attention to the so-called critical skills in the field of management."

This means that more emphasis is placed on aspects such as critical thought and deliberation, innovation, job creation, cross-

cultural skills, social sensitivity of managers as well as computer skills.

According to Prof Alberts, technological development will play a major role in future: "For this reason our management training has been adapted to focus on these skills. Moreover, the Graduate School itself implements technology in its training process. In 1994 we will commence with interactive television in management training. The first target area is Witbank and possibly also Middelburg and Secunda."

However, these changes are not limited only to formal management training. Prof Alberts states that the short courses of the Graduate School of Management will also be continuously renewed. He adds: "We do, for example, already present the Management Programme, Advanced Project Management Programme and Women as Executives Programme through the medium of English."

“We are future oriented with regard to our management training. One way in which we can meet the challenges of the future, is to revise existing courses.”

... and in public

The need for trained managers is not limited only to the private sector. The demand for management training in the public sector has increased significantly during recent times.

“The public official and new entrants to the public sector will in future have to cope with similar challenges. It will be required of public officials and politicians to be adaptable and to stay abreast of the demands resulting from rapidly changing constitutional structures,” says Prof Chris Thornhill, Director of the School

for Public Management and Administration (SPMA).

“The changes in our country require public officials to cooperate actively in the re-evaluation of policies, the redesign of structures, the reconsideration of financial and personnel practices and the assurance that each form of public action will be transparent. SPMA offers several programmes which fulfil the need for the training of current and future public managers,” he says.

Apart from the course in Public Management, the SPMA also offers a course in Management Instruments through the medium

of both official languages. The course, Introduction to Local Government for the Southern African Advance Education Project, is presented in English. Other courses are presented in the official language requested by the clients.

According to Prof Thornhill the SPMA offers more than the usual structured training programmes which lead to degrees and diplomas. “We also develop ad-hoc courses to fulfil short-term requirements. In this manner the SPMA strives towards fulfilling the community’s need for management training.” ■

Leiers in staatsdiensopleiding

Tukkies het vanjaar vir die eerste keer deelgeneem aan die opleiding van uitgewekenes – iets wat tot dusver hoofsaaklik deur oorsese instellings en die Universiteit van die Witwatersrand behartig is.

Twaalf teruggekeerde uitgewekenes van die ANC, die PAC en ander politieke organisasies het vanaf 16 tot 30 Augustus 1993 'n kursus in Publieke Administrasie aan die Universiteit van Pretoria deurloop.

Dié twaalf studente, van wie die meeste honneurs- of meestersgrade in die buiteland verwerf het, is

tydens hierdie kursus opgelei in bestuursaspekte soos beleid, personeel en finansies.

Die kursus is aangebied deur die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA). Volgens prof Chris Thornhill, Direkteur van SOBA, was die doel met hierdie kursus om die kursusgangers bloot te stel aan die praktyke wat tans in die Suid-Afrikaanse Staatsdiens ervaar word.


“Dit is belangrik dat dié potensiële nuwe openbare amptenare die nodige agtergrond moet kry waarbinne 'n nuwe openbare sektor ontwikkel moet word.”

Kenners op die gebied van die staatsdiens, waaronder dr Piet van der Merwe, voormalige Voorsitter van die Kommissie vir Administrasie; mnr Peter Wronsley, voormalige Ouditeur-generaal en mnr Len Dekker, Direkteur-generaal van die TPA, is by die kursus betrek. Praktiese werkwinkels is ook gereël.

“Die groep was oor die algemeen baie positief oor die kursus, veral oor die kontak met die praktyk,” sê prof Thornhill. Sommige van hulle oorweeg om volgende jaar SOBA se meestersgraad in Publieke Administrasie te volg. ■

'n Barometer vir inflasie

“Sover vasgestel kan word, is die inflasie-barometer wat deur die Universiteit van Pretoria ontwikkel is, uniek in die wêreld. Daar bestaan geen soortgelyke maatstaf nie.”



Inflasie. Selfs Jan-Alleman weet dat hierdie 'n belangrike ekonomiese aanwyser is. Hy weet dat pryse die hoogte kan inskiet as gevolg van inflasie, al verstaan hy nie aldag hoekom dit gebeur nie. Maar vir die sakesektor is inflasie as ekonomiese aanwyser krities belangrik. Dit beïnvloed onder meer lone, pryse van produkte en rentekoerse.

Statomet, die navorsingsarm van die Departement Statistiek, het onlangs baanbrekerswerk verrig deur 'n inflasie-barometer te ontwikkel. Hiermee kan wetenskaplik-gefundeerde vooruitberamings gedoen word oor wat met die inflasiekoers in die onmiddellike toekoms gaan gebeur.

Die inflasie-barometer is in opdrag van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) ontwikkel. “Die AHI wou 'n diens aan sy

– Mnr Nic Barnard, Hoofekonoom: Afrikaanse Handelsinstituut (AHI)

kliënte lewer deur berekende vooruitberamings oor die inflasiekoers aan hulle te verskaf.” Só gesels mnr Sollie Millard, 'n lektor verbonde aan Statomet, oor waar alles begin het. Hy en prof Leon Vivier, ook van Statomet, het gesamentlik die ontwikkeling van die barometer behartig.

“Dit is belangrik vir besluitnemers in die sakesektor om te weet in watter rigting die inflasiekoers gaan beweeg,” sê mnr Millard. “Neem looneise as voorbeeld. Die inflasie-barometer kan baie waardevol wees wanneer daar met vakbonde onderhandel word oor looneise. 'n Werkgewer wat 'n berekende vooruitberaming het van die inflasiekoers, is beter daartoe in staat om te bepaal hoe realisties die verwagtings en looneise van sy werknemers is,” sê hy.

Maar wat is die inflasie-barometer? Mnr Millard verduidelik: “Die inflasie-barometer is 'n vooruitberaming van die inflasiekoersbeweging binne die volgende ses tot twaalf maande. Ons het 'n model ontwikkel wat ons in staat stel om hierdie vooruitberaming te doen. 'n Hele aantal programme wat verskeie ekonomiese tydreekse of veranderlikes identifiseer, word gebruik.

Veranderlikes soos die wisselkoers, die brandstofprys, die geldvoorraad in die land, kredietverlening, staatsbesteding, lone en salarisse asook inflasieverwag-

tings word almal in ag geneem by die vooruitberaming van die inflasiekoers.”

Uit die AHI se oogpunt is hierdie 'n belangrike diens aan die sakesameenskap. Hulle stel die barometerlesing, wat elke kwartaal gepubliseer word, tydens 'n nuuskonferensie bekend. Die inligting is dus vrylik beskikbaar aan enigeen wat dit kan gebruik.

Statomet het die inflasie-barometer aan die einde van 1992 gefinaliseer. Met die bekendstelling van die barometer het die AHI ook die eerste lesing vrygestel. Sedertdien is vier ander vooruitberamings ook gepubliseer. Die lesing vir die vierde kwartaal van 1993 word in November bekendgestel.

“Die inflasie-barometer poog nie om 'n 100 persent akkurate puntberaming te maak nie. Ons stel wel 'n syfer bekend, maar dit is eerder om 'n neiging aan te dui. Met die heel eerste barometerlesing in September 1992 het ons byvoorbeeld vooruitbeeraam dat die inflasiekoers sou daal. Dit het toe wel so gebeur,” sê mnr Millard.

Die jongste barometerlesing wat tans beskikbaar is, is die tweede kwartaallesing van 1993. En wat is die vooruitberaming? Mnr Millard antwoord: “Die aanduiding is dat die inflasiekoers steeds 'n afwaartse neiging sal toon.” ■

Winterskool dra goeie vrugte



Die span wat gehelp het om 'n bydrae te lewer tot 'n suksesvolle gemeenskapsdiensprojek, die winterskool vir hoërskoolleerlinge in Mamelodi. Van links is mnr Pieter Heslinga van Coopers Lybrand, mev Monika Roode en prof Herman de Jager van die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) en mnr Aubrey Khumbane van die Mamelodi Career Guidance Centre.

Die Universiteit van Pretoria was vanjaar nou betrokke by 'n winterskool vir hoërskoolleerlinge in Mamelodi. Die SRO het lesings in Rekeningkunde aan 560 leerlinge gebied. Te oordeel aan die terugvoer wat ontvang is en die sukses wat behaal is, het hierdie gemeenskapsdiensprojek in alle opsigte goeie vrugte afgewerp.

Mnr Aubrey Khumbane, Uitvoerende Direkteur van die Mamelodi Career Guidance Centre, vertel meer: "Die ouditeursfirma Coopers Lybrand het aangebied om finansiële bystand te verleen met die projek. Hulle het ons ook na die SRO verwys ten opsigte van bystand met die aanbied van lesings. Mev Monika Roode, 'n senior lektrise verbonde aan die

SRO, is aangewys om dié taak te behartig – 'n taak wat sy uitnemend verrig het."

Die winterskool, wat vanaf 5 tot 23 Julie 1993 aangebied is, is deur die Mamelodi Career Guidance Centre, in samewerking met die South African Democratic Teachers Union (SADTU), gereël. 'n Totaal van 1 175 hoërskoolleerlinge het deelgeneem aan dié projek. Behalwe vir die lesings in Rekeningkunde, is lesings ook aangebied in Engels, Ekonomie, Wiskunde en Biologie.

Wat die klasse in Rekeningkunde aanbetref, wys mnr Khumbane daarop dat mev Roode haar uitstekend van haar taak gekwyd het. "Haar lesingmateriaal was goed beplan en weldeurdag. Plaaslike Rekeningkunde onderwysers het soveel hierby gebaat dat hulle toestemming gevra het om haar materiaal net so te gebruik."

Die rede vir mev Roode se sukses kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat sy hoërskool-

leerlinge ken. As 'n oud-onderwyseres en iemand wat tans baie nou betrokke is by die eerstejaars, is sy nie net op hoogte van die bestaande skoolleerplanne nie, maar weet sy ook hoe om Rekeningkunde "maklik" te maak.

"Om hulle leerplanne te dek het ek bepaalde onderwerpe voorberei in die vorm van agtergrond-aantekeninge, veral oor onderwerpe wat ek weet leerlinge gewoonlik probleme mee ondervind. Verder het ek ook aantekeninge aan die leerlinge verskaf met voorbeelde van moontlike eksamenvrae sowel as die voorgestelde oplossings daarvan," vertel mev Roode.

Haar sorgvuldig-voorbereide aantekeninge het baie bygedra tot die sukses wat bereik is. As gevolg van 'n gebrek aan tyd kon sy nie al die onderwerpe met hulle bespreek nie, maar hulle kon die vrae in hul eie tyd in groter detail bestudeer, veral met behulp van die voorgestelde oplossings.

"Een aspek wat ek byvoorbeeld met hulle behandel het, is die nuwe tipe vrae wat hulle in die 1993 eksamen kan verwag, naamlik die gebruik van keusevrae. Hulle het veral baat gevind by hierdie lesing, aangesien keusevrae vir hulle 'n nuwe konsep is."



Dat hierdie projek meriete inhoud en tot voordeel van die gemeenskap strek, is nie te betwyfel nie. Prof Herman de Jager, Direkteur van die SRO, sê: "Na afloop van hierdie winterskool is 'n driedelige ooreenkoms tussen die Mamelodi Career Guidance Centre, Coopers Lybrand en die SRO gesluit. Dié winterskool sal voortaan 'n jaarlikse instelling wees." ■

Meer as net 'n gebou

Die Engelse gesegde lui: "Home is where the heart is." As dit waar is, dan is die Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou op Tukkies se Ooskampus ons personeel en studente se tweede tuiste.

Die ingebruikneming van 'n eie gebou drie jaar gelede was die begin van 'n nuwe era. Vir die eerste keer is feitlik al die departemente en personeel van die Fakulteit in een gebou gehuisves. Twee uitsonderings is die Departement Informatika en die Buro vir Finansiële Analise. Hulle is in die Opvoedkunde/Regsgeleerdheidsgebou. Maar dié is net 'n klipgooi ver...

Die Fakulteit se eie gebou bied 'n professionele werkomgewing en 'n eie identiteit - en die personeel én studente is trots daarop. Volgens hulle is hierdie beskikbaarstelling van fisiese fasiliteite een van die beste dinge wat nog met die Fakulteit gebeur het. ■



MET DIE OPENING VAN ONS WINKEL GAAN 'N HELE PAAR BLOU BULLE 'N NUWE BLAADJIE OMSLAAN!

Uiteindelik! Juta, die bekende boekwinkel, het nou 'n tak oopgemaak in 'n stad wat net so bekend is vir sy akademiese instellings as vir sy minder slim bedrywighede!

Ons het 'n groot voorraad akademiese titels van bykans enige beskrywing op die rak. Skool handboeke en biblioteekboeke, standaard akademiese literatuur vir alle studierigtings - Medies, Regte, Besigheid en vele ander - plus 'n beperkte versameling algemene kennis boeke vir ontspanningsleesstof. Boeke vir besigheidsmanne, bleeksiele en selfs blou-oog bulletjies.

Indien u, of lede van u departement, dus inligting nodig het of 'n spesifieke versoek het, nader ons gerus by ons nuwe tak. Ons sal graag vir u die bul by die horings pak.



Ons nuwe winkel is nou oop.
Hatfield Plaza Sentrum, Burnettstraat, Hatfield
Tel: (012) 342-4900 Faks: (012) 342-4830
Posbus 12, Brooklyn 0011

Juta
Dink boeke,
dink Juta

BESTUURSOPLEIDING

MBA

Deelyds: 3 jaar kontakonderrig (Afrikaans)

Blokweke: 2 jaar (Engels)

SENIOR BESTUURSPROGRAM

5 een week opleidingsmodules vir middelbestuursvlak

ANDER KURSUSSE:

BESTUURSONTWIKKELINGSPROGRAM BESTUURSPROGRAM

BEMARKINGSBESTUUR VROUE AS BEDRYFSLEIERS

FINANSIËLE BESTUUR VIR NIE-FINANSIËLE BESTUURDERS

(012) 420-3380 (012) 420-3339

Faks: (012) 43-7223

